



Kollig

April 2024 Jaartal 39 Nommer 1

Geseënde Paasfees!



Sekerheidsreël 55:

JY HOEF NIE 'N FINANSIËLE KENNER TE WEES NIE. JY MOET NET EEN AS VENNOOT HÊ.

Dis nie altyd maklik om jou eie finansiële besluite te neem nie. Met 'n Sanlam finansiële beplanner is jy by iemand wat dieselfde dinge as jy wil hê. Ons geakkrediteerde adviseurs kan jou deskundige advies gee en jou help om 'n finansiële plan op te stel wat jou kan help om jou doelwitte te bereik, sodat jy met sekerheid kan lewe in die wete dat jy op koers is na 'n beter finansiële toekoms.

Ons kan jou behulpsaam wees met:

- **Finansiële beplanning**
- **Aftreebeplanning**
- **Spaar en beleggings**
- **Ongeskiktheidsdekking**
- **Lewensdekking**
- **Spaar vir opvoeding**

Kontak ons by **Juksta BlouSter** sodat ons kan gesels oor hoe ek jou kan help om finansiële sekerheid te verkry.



Jan Hendrik Jacobs
Finansiële Beplanner
071 895 1502
janhendrik.jacobs@sanlam4u.co.za



Ben Scott
Finansiële Beplanner
082 867 2786
ben.s@sanlam4u.co.za



Salomé Wessels
Finansiële Beplanner
083 371 5949
salomew@sanlam4u.co.za



Sunet Goncalves
Finansiële Beplanner
082 551 7092
sunet.goncalves@sanlam4u.co.za



Pieter Prinsloo
Finansiële Beplanner
082 458 6680
pieter.prinsloo@sanlam4u.co.za



Frik Cloete
Korttermynversekering
082 951 6278
frik.cloete@sanlam4u.co.za



Antionette Cloete
Korttermynversekering
082 563 8148
antionette@sanlam4u.co.za



Melanie Webb
Korttermynversekering
072 559 5184
melanie@sanlam4u.co.za



Chad Oosthuizen
Korttermynversekering
076 137 8901
chad.oosthuizen@sanlam4u.co.za

BEMEESTER DIE AFTREE-KUNS

Was jy ook kwaad en ontevrede toe die einde van jou suksesvolle loopbaan aangebreek het? Alhoewel 'n mens altyd gewens het dat jy nie elke dag werk toe hoef te gaan nie en baie meer vakansie kon hou...

Was jy ook bang-opgewonde oor die vooruitsig om jou woonhuis in die mark te sit en te verkoop, jou besittings in kartondose te pak en saam met Pikkie Vervoer koers te kry Kokanje toe? Moes jy ook hartseer van verskeie besittings afskeid neem, want daar moes "afgeskaal" word en in Kokanje sou daar mos in elk geval nie meer so baie tyd wees nie? (Groot fout!)

Met die uit- en regpak in jou nuwe huis het jy gewonder of jou ou vriende jou al mis en of hier nuwe bure en vriende gaan wees wat hulle plek sou kon inneem? Ja, en of die plaaslike dokter en tandarts jou dieselfde goeie behandeling sou gee?

Sommer gou-gou het jy besef dat julle 10 tot 20+-jaar aftreeplan die regte besluit was en dat die klompie aanpassings wat eers so onoorkomelik gelyk het, met 'n positiewe kopskuif alles in plek geval het. Ander Vriende (nog woonagtig in hulle eie huise in die stad) sukkel om instandhouding self te behartig en spook en spartel heeldag met grassny en huisskoonmaak. Daar is tyd vir niks anders nie. Party is selfs "aangestel" as au pairs en ubers vir hulle kleinkinders... In Kokanje, indien iets foutgaan, word daar 'n vormpie ingevul vir die Werkswinkelpersoneel se aandag en binne 'n dag of twee is alles in en om die huis weer herstel. Noodgevalle selfs nog gouer!

Kon jy ook eers nie besluit by watter Klubs en Komitees jy wou aansluit nie? Daar was te veel om van te kies! Die feit dat ons nie hoef te beplan wat om voor te berei vir middagete gedurende die week nie, laat ons met soveel tyd op hande dat ons nou ons stokperdjies terdeë kan geniet...

Langverlofvakansies is aan die orde van die dag! Wanneer jou motor en/of karavaan regstaan en jou Kokanje-Huis gesluit is, is daar gemoedsrus. Bure hou om die beurt 'n ogie oor mekaar se huise.

Daar gaan ongelukkig dae kom, soos die geval met alle seniorburgers, dat jy ontevrede gaan wees wanneer kwale en/of ernstige siekte oor jou pad gekom het! Jy gaan knor as die herstelproses te stadig is – en dit dalk op jou gade uithaal... Julle gaan selfs rolle omruil: Mans wat moet kosmaak en die huishouding waarneem, of vrouens wat die finansies en vervoer na en van dokters en hospitale moet behartig.

Hier kom "die eintlike kuns van aftree" nou ter sprake... Wees baie lief vir mekaar en respekteer jou bure en die Kokanje-Personeel! Wees 'n baie geduldige, blymoedige, goedgemanierde en wetsgehoorsame burger in Kokanje – sonder om (te veel) te knor en te kla. Mōre is die sieke gesond en die gesonde dalk siek en dan is dit weer jou beurt om te "grin and bear it"! Dit help ook baie om genoeg sonlig op die vel te kry en vars lug in te asem – wanneer jy uit die huis wegbreek om gereeld 'n draaitjie in die tuin te maak of om om die Oord te stap! Baie Sterkte word u elkeen

toegebid tydens operasies of met die herstel- of rouproses!

Geniet 2024 terdeë, asook elke liewe Aftreedag aan u gegun!

Remember:

**Always
"Smile and
Wave!"**

Liefdegroete
Rita Noeth.



TOTSIENS en Groot Dank aan **Frans van Effrink** wat vir soveel jare (1999 tot 2023) sy krag en kennis aan Kokanje en al die Inwoners gewy het. Ons wens hom en **Elsa** alles van die beste toe vir die toekoms en dat hulle hulle ouers met dieselfde toewyding sal versorg.

Baie **WELKOM** **Desmond Swart** en **Pierre Cremer** (wat reeds hulle skoene volstaan) en julle gesinne. Hulle is die nuwe Bestuurder Vaste Bates en Bestuurder Infrastruktuur. **Mag julle vir vele vrugbare jare in Kokanje werksaam wees!**

ARTIKELS OOR PORTEFEULJES:

TEGNIËSE DIENS
(TEGKOM)

Bladsy 17 en 18.

Nick Noeth



**VERSORGINGS-
DIENS**
(SORGKOM)

Bladsy 26 en 27.
**Suster Patricia
Snyders**



VRYWARING

Die Kokanje Raad of die Administrasie of die Redaksie van **KOLLIG** onderskryf nie noodwendig menings wat deur medewerkers uitgespreek word nie. Die redaksie betaal nie vir artikels of enige bydraes nie en skrywers behou hul kopiereg, terwyl die Redaksie die reg behou om alle artikels en briewe te verkort, te versorg en vir plasing te oorweeg, ofskoon gepoog sal word om die strekking van die inhoud so noukeurig as moontlik te hou. Hou dus u bydraes kort en bondig, asseblief. Hierdie vrywaring geld ook vir advertensies.

Elektroniese artikels na: ritanic2@gmail.com en WhatsApp 083 307-1446.

KOKANJE-AFTREEOORD, Nylstroom (Modimolle), Limpopo, Suid-Afrika.

(GPS: 24,68°S 28,38°O) Tel: (014) 715-2030/1/2/3. Kokanjeaftreeoord.co.za/kollig-nuusblad

O O G K U N D I G E



GEORGE VAN DER HOVEN

Bela Bela

Modimolle

Mookgophong

066 517 2571

'N TYD VAN (ON)BEHAAGLIKHEID?

Laasjaar het vir ons as 'n familie op 'n somber noot geëindig met die dood van nabye familie en intieme vriende. Ons lewensvreugde is verder ingekort met die diagnose van 'n ernstige en lewensveranderende siekte in ons gesin. Soortgelyke omstandighede is nie ongekend of vreemd by die Inwoners van Kokanje nie.

Trouens, in die lewensfase waarin ons verkeer, is dit eerder die norm as wat dit die uitsondering is. Hierdie omstandighede het veroorsaak dat die woorde "**voordat die dae van teenspoed kom en jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie**" in my kop bly draal het.

Dié woorde is natuurlik die aanvangswoorde van die slotgedig in **Prediker 12** – 'n gedig waarin, deur die gebruik van metaforiese taal, die effek van die ouderdom en die dood op die mens uitgebeeld word. Deur die gebruik van allegoriese beelde word beskryf hoe verskillende liggaamsfunksies deur die ouderdom ingeperk en afgetakel word, totdat die mens uiteindelik sterf (verse 6 en 7). Alhoewel die gedig en die boek op 'n somber noot (die dood) eindig, is dit een van die beeldrykste en mooiste gedigte in die Ou Testament en 'n gedig wat in 'n mindere of meerdere mate op elke mens, ja, veral ook op ons in Kokanje van toepassing is.


Verse 3 tot 5 van hierdie gedig beskryf:

- hoe die wagte (**die arms en hande**) wat die huis (liggaam) beskerm, bewerig word;
- hoe die sterk manne (**die bene**) krom (swak) word;
- hoe die vroue wat maal (**die tande**) ophou werk omdat hulle te min geword het;
- hoe die wat deur die vensters (**die oë**) kyk, donker (swaksiende/blind) word;
- hoe die deure (**die ore**) na die straat gesluit word en die geluid van die meul sag word (wanneer doofheid intree en die alledaagse geluide nie meer gehoor word nie);
- hoe sy **stem** klink soos die klank van 'n voël (hoë toon) en al die tone van die lied dof word (die stem styg tot 'n hoë klank en daal tot 'n lae klank);
- hoe die grysaard selfs **vir 'n hoogte bang is** en daar **verskrikking op die pad** is (sy onverskrokkenheid en avontuurlus is daarmee heen en alles word te veeleisend);

- hoe die amandelboom bloei, die koringkriek/sprinkane hulleself voortsleep (dit word buite lente en die lewe bruis, maar die grysaard het nie meer erg daaraan nie);
- hoe die huis ineenstort en die mens op pad is na sy ewige huis.

Die slotsom waarmee Prediker 12:8 afsluit, is dat dit alles sinloos is!

Terwyl ek vasgevang was in die gevoel van **onbehaaglikheid** en die slotsom van Prediker wou onderskryf, ontvang ek 'n WhatsApp met die volgende gedig as weerwoord aan die Prediker.



OUDERDOM

As jy met grasie ouer word,
hoor jy slegter,
maar jy **luister** baie beter.
As jy met grasie ouer word,
sien jy minder,
maar jy **kyk** baie dieper.
As jy met grasie ouer word,
is jou **stem nie meer suiwer nie**,
maar **elke woord** wat jy praat
is **vol betekenis**.
As jy met grasie ouer word,
Is jou **kragte** minder,
want jou **aanraking is sagter**.
As jy met grasie ouer word,
stap jy stadiger, want jy kuier langer.

Jona 1:14.

**U is immers die HERE;
U doen soos wat dit U
behaag!**

Seënwense!

Henk Potgieter



ANITA'S AUTO SHINE MOBILE



**CAR WASH
BEST PRICES!**

083 465 1095

**Vir herstel werk
en verstellings
aan klere. Kontak
Estelle 073 945 3527
Modimolle**



TEL: (014) 717 5175
FAKS: (014) 717 5176
SEL: 082 320 8289
E-POS: m-a-c@mweb.co.za

**Modimolle-Auto-Clinic
Rupertstraat 4**



Vir gehaltdiens en die beste pryse, kom besoek ons gerus.

Ons diens enige tipe voertuig. Opknapping van ratkaste, ewenaars, sowel as elektriese herstelwerk van aansittermotors, omsetters, lugversorgers en bedrading, asook voorbereiding vir padwaardigheidsstoetse. Ons verkoop batterye teen baie goeie pryse. Ons bied 10% afslag aan pensioenarisse en sal u motor gaan haal en aflewer teen geen ekstra koste nie. Ons was en stofsuij ook u motor. Baie dankie vir u ondersteuning.

Josef Botes VERVOER



■ KLIP
■ VULSEL
■ TUINGROND
■ SAND & STENE

Oktaanstraat 703, Industriële gebied.
NYLSTROOM

☎ 066 078 4973 Ferdie 082 889 6548

☎ 014 717 3606

DIE VOORSITTER SE NUWEJAARSBOODSKAP

Die 2023/24 Finansiële- en Bestuursjaar is geskiedenis, en die huidige jaar staan nog in sy suigelingsfase. Nietemin het die jaar afgeskop met seker een van die rustigste, sorgvrye en aggressie-lose Jaarvergaderings in jare. Sonder om arrogant te klink, wil dit tog voorkom asof die Raad die afgelope jaar 'n positiewe bydrae tot die gemoedstemming van ons Inwoners gelewer het. Hiervoor ons dank aan die Gewer Van Alle Goeie Gawes!

Aan die einde van die jaar het Liz Halewijn (na 6 jaar as Raadslid) en Alta van Dyk (na 2 jaar as Raadslid) uitgetree. Graag spreek ek hiermee die Raad se grootste dank en waardering teenoor hierdie 2 dierbare en knap dames uit

vir hul bydrae en waarde wat hulle tot die Raad toegevoeg het.

**Baie dankie.
Ons gaan julle mis!**

4 oud-lede nl. Jan Delport, Ben du Plessis, Charl Stander en Johan de Beer is weer herverkies.

As nuwe lede is verkies Adré Bernhardt ('n vorige Raadslid) en Roelof Burger.

Baie geluk en baie dankie vir die hele Span vir julle bereidheid om op die Raad te dien.

Ek sien met groot verwagting en opwinding uit daarna om die nuwe jaar met hierdie formidabele span Raadslede aan te pak.

Sonder om te veel te vroeg kwyt te raak, kan ek vir ons Lede/Inwo-

ners sê dat ons hierdie komende jaar weer met erns gaan kyk na die bemerking van lewensregte, die besnoeiing van uitgawes deur meer effektiewe beheermaatreëls, en beperkte kapitaal uitbreidings, sonder om kwaliteit of kwantiteit in te boet.

May each and everyone of our Residents experience great Joy, Happiness and Heavenly Blessings during the forthcoming year.

**Be assured that
your interests are
in good hands
and well cared
for.**

Hennie Lacock



DIE UITVOERENDE BESTUURDER SE BRIEF

Na die eerste 3 maande van 2024 (die einde van die finansiële jaar 2023/24), is dit 'n goeie tyd om te reflekteer en die pad vorentoe te inspekteer. Die een ding wat soos 'n paal bo water uitstaan is die voorreg om in Kokanje te woon en te werk. Die Kokanje-gemeenskap van omgee, empatie en die lewe voluit leef is indrukwekkend en 'n bekoring vir 'n ieder en 'n elk wat daarmee te doen kry.

Verkope bly 'n tema in vele gesprekke wat in Kokanje gevoer word. Na 'n rekordjaar van verkope in die 2023/24 finansiële jaar **(31)** het bestendige bemerking en verkope gesorg dat daar **reeds 10 lewensregkontrakte gesluit is vir 2024/5.**

Tegniese Dienste het 'n gedaante-verwisseling ondergaan. Om beide Tegniese Dienste Bestuurders in 2023 te groet was nie 'n grap nie – inaggenome dat elkeen meer as 25 jaar diens gedoen het in die Oord. Die ervaring en kennis wat so opgebou en ontwikkel is, word nie sommer ligtelik opgeneem of vervang nie. Hier word verwys na 2 families wat hulle kinders in die Oord grootgemaak het en die wêreld ingestuur het. In regsterme is dit so goed soos

'n lewenslange vonnis wat uitgedien is. Beide Marius Badenhorst en Frans van Effrink is manne wat diep spore in ons Kokanje gemeenskap getrap het en ons sal altyd met dankbaarheid kan verwys na die positiewe verskil wat hulle gemaak het. Die leemte wat deur hulle afwesigheid gelaat is, was onteenseglik onmeetbaar – vandaar die absolute dankbaarheid dat Nick Noeth na vore getree het en vir 5 maande lank die oorgangsperiode tussen die einde van 'n era en die begin van 'n nuwe te bestuur en te fasiliteer. Die kosbare familietyd wat hy afgestaan het om hierdie uiters uitdagende omstandighede op sy skouers te neem sal nooit vervang kan word nie. Die insig, wysheid en kennis wat hy oorgedra het, kan nie gekoop word nie en van sy passie en toewyding kan net in boeke geskryf word. **Nick Noeth, Kokanje bedank u.** Groot is die voorreg om dan ook hierdie nuwe era vir Tegniese Dienste in Kokanje te begroet met **Pierre Cremer en Desmond Swart.** Hier is 2 ervare manne met uiteenlopende agtergronde wat uniek dink en doen, wat passievol en gedrewe die uitdagings voor hulle aanpak en wat reeds oor die afgelope

maande 'n tasbare verskil gemaak het. Ons is trots op julle en sien uit daarna om die toekoms saam met julle te bou. **Kokanje verwelkom julle.**

Oor die afgelope jaar is die term "Kokanje se Model van Lewensreg" telkemale bespreek, ondersoek en getoets. **(Sien Artikels op bladsy 20 en 21.)** Volhoubaarheid van hierdie Model, saam met die ordelike bestuur van ons Oord, is onteenseglik afhanklik van die Maatskappy en Bestuurskomitee se **Beleid, Reëls en Prosesse** – wat oor die bestaansjare van Kokanje geformuleer en geïmplementeer is, met bepaalde funksionaliteit om die volhoubaarheid van die gemeenskap te ondersteun, sodat die Kokanje-gemeenskap staande kan bly in 'n steeds veranderende omgewing. **Daarom is ons dankbaar vir 'n taktvolle en effektiewe Direksie om hierdie taak kundig te bestuur.**

Andries Visagie





082 858 7748



Modimolle
12 Wolmarans str



Monday-Friday
7:30-17:00

MC Creations

Decorators, Curtain and Linen, Function Coordinators
and Furniture Suppliers

Aiombekend vir:

BINNEHUISVERSIERING & DEKOR
GORDYNE & LINNE
TAFELDOEKE
STROOIKUSSINGS
LAMPSKERMS
PERSIESE MATTE
ANTIEKE MEUBELS & WARE
SILWER, KRISTAL EN PORSELEIN

ONS KOOP OOK VERSAMELSTUKKE AAN

CHRIS DYZEL


☎ 079 891 4309
✉ chris.dyzel70@gmail.com

JOHAN ESTERHUIZEN

☎ 081 554 6540
✉ johane1979@gmail.com

ONS Q VIR JOU!

- > Het jy getrek en wil jou voertuie registreer in Limpopo?
- > Of wil jy net jou lisensieskyfie hernu?
- > Het jy 'n nuwe motor gekoop en wil dit registreer en lisensieer; nuwe nommerplate maak; of 'n voertuig van jou naam afhaal?



Kontak my gerus!

Vir enige navrae oor motorlisensies:

Skakel of WhatsApp
Susan Weber: 079 531 5027
of kom sien my by
die Kokanje administrasiegebou.



**LIZA SE GERIEFLIKE
SNOEPIE / KIOSK**



060 995 8120 & 063 716 8823

Maandag tot Vrydag (behalwe vakansiedae):
09:00 – 13:30.

Heerlike voorbereide etes vir saans of naweke.
Groot verskeidenheid gebak (bv. Koekies, beskuit en hoefies), konfyte, lekkers en droë vrugte.

Lugtyd en data.

Hervul u waterbottels.

Beeld koerant daaglik en verskeidenheid tydskrifte week/maandeliks.

Kruideniers aankoopdiens beskikbaar.
Skinkborde met soet- of southapies word spesiaal voorberei.
Kaartmasjien beskikbaar.

SIEN JOU GRAAG!

KOKANJE-BESTUURSKOMITEELED

2024/2025



HENNIE LACOCK
VOORSITTER
VAN BK EN DIREKSIE

VOORSITTER: DAGBESTUUR



JAN DELPORT
ONDERVOORSITTER
VAN BK EN DIREKSIE

Voorsitter: FINKOM.
Voorsitter: STRATKOM.
**ONDERVOORSITTER:
DAGBESTUUR**



NICK NOETH

Voorsitter: TEGKOM.
BK-Verteenwoordiger:
STRATKOM.

LID: DAGBESTUUR



ANTON BRITS
BK-Verteenwoordiger:
STRATKOM en SEKKOM.
LID: DAGBESTUUR



ADRE BERNHARDT
Voorsitter: VOEDKOM.
BK-Verteenwoordiger:
SORGKOM.



JOHAN DE BEER
Voorsitter: SORGKOM.
BK-Verteenwoordiger:
STRATKOM en SOD.



GERHARD KEYTER
Voorsitter: KOMREK.
BK-Verteenwoordiger:
STRATKOM en PERSKOM.



CHARL STANDER
Voorsitter: SOD.
BK-Verteenwoordiger: WAKOM.



JEAN DU PLESSIS
Voorsitter: WAKOM.
BK-Verteenwoordiger:
VOEDKOM.



ROELOF BURGER
Voorsitter: PERSKOM.
BK-Verteenwoordiger: KOMREK.



WILLIE SWANEPOEL
Voorsitter: SEKKOM.
BK-Verteenwoordiger: FINKOM en
STRATKOM.



BEN DU PLESSIS
BK-Verteenwoordiger: TEGKOM.

KOMITEES/PORTEFEULJES

FINKOM = FINANSIES.
KOMREK = KOMMUNIKASIE EN REKLAME.
PERSKOM = PERSONEEL VERGOEDING&ONDERSTEUNING.
SOD = SPORT, ONTSPANNING EN DIENSTE.

SORGKOM
STRATKOM
VOEDKOM
WAKOM

= VERSORGING.
= STRATEGIES.
= VOEDSELDIENS.
= OMGEWINGSBEWARING.

KOKANJE-KARNAVAL

SATERDAG, 20 APRIL 2024

VANAF 08:30.

VERLEDE JAAR...



TOEGANG GRATIS!

"Local is lekker!"

'n Heerlike geleentheid vir Kokanje-Inwoners en die hele Gemeenskap. Nooi al jou vriende en hulle se vriende om die dag saam met ons te kom geniet.

Gaskunstenaars:
Chris Coetzer en Annaretha Naude.

Lewendige Radio-uitsendings
deur Pretoria FM en Waterberg Stereo.

Kosstalletjies te kies en te keur, asook fyngebak, naaldwerkartikels, klere en ander snuisterye.

SKOUHUISE!!!

Verskeie van ons gewaardeerde Uitstallers/Borge van Modimolle sal ook weer op hierdie dag teenwoordig wees.

VERLEDE JAAR...



SUKSESVOLLE SOMERPROMOSIE

Met hierdie advertensie in die Beeld Koerant en die gesprekke van Anina Sauer-mann (Bemarkingsbestuurder) en Andries Visagie (Uitvoerende Bestuurder) op TV (Ontbytsake en Huppel in die Stap) is hoog bo gemiddelde afsprake van Voornemende Kopers gegenereer.

Die Lewensregverkoopbegroting van 2023/4 is behaal, met een ekstra daarby – **31.**

Daar is reeds 10 nuwe kontrakte vir 2024/5 gesluit.

Ons wens hiermee die Bemarkingsspan hartlik geluk met hulle uitstekende werk!

KOKANJE

Tot en met **R500K** afslag op geselekteerde eenhede

2024 Somer Promosie

Ontdek ongelooflike besparings en 'n droom leefstyl by Kokanje Aftreeoord!

Eenhede beskikbaar vanaf R1 036 000

014 715 2030 079 129 6927 bemarking@kokanjeaftreeoord.co.za

KARNAVAL-BORGE WORD BAIE HARTLIK BEDANK!

Alfer Farming
Caltex, Modimolle
Ciro
DCL
Douglasdale
Ettine Suliwald
Eursoksy
Ford, Modimolle
GallagherSecurity
Haval
Hobbs Meat
Hunter's Slaghuis
Manzi, Modimolle
Martin's
MBT, Modimolle
Moorddrift
MTK
Northern Foods
Nyl Uitlate
Ocean Breeze

Out There 24
Pappot
Pick n Pay, Modi-
molle
Protea Apteek
Sampada Butchery
Sasol, Modimolle
Satellite Con-
nection
Status
TNT (Limpopo veg)
Veralogix
Volkswagen,
Modimolle
Weesgerus.

Ons Borge het dit
moontlik gemaak
dat ons 90% van
die klubs (wat
voedsel op die
Karnaval gaan
verkoop) se
bestanddele vir
hulle kon voorsien.

Die Kokanje-
Karnavalkomitee
bedank die Borge
hartlik vir hulle
ondersteuning en
welwillendheid.

Bettie Botha

ONS PRAGTIGE VOORBLAD- KUNSWERK



Bets Stander
is lid van die
Kuns-en-
"Crafts"-klub
wat
Donderdae
vanaf 09:00
tot 11:00 in
die Sportsaal
byeenkom.

Bets is baie lief vir abstrakte
kunswerke – veral blomme en
helder, vrolike kleure maak
haar baie gelukkig.

Die medium hier gebruik:
Waterverf en waterverfpotlode.

TRY IMPLEMENTING THESE POSITIVE CHANGES IN 2024...

I asked one of my friends who has crossed 70
and is heading to 80 what sort of changes he is
feeling in himself?

He sent me the following very interesting lines,
which I would like to share with you!

1. After loving my parents, my siblings, my
spouse, my children, my friends, now I have
started loving myself.
2. I just realized that I am not "Atlas". The world
does not rest on my shoulders.
3. I now stopped bargaining with vegetable and
fruit vendors. A few cents more is not going to
burn a hole in my pocket but it might help the
poor fellow save for his daughter's school fees.
4. I pay my waitress a big tip. The extra money
might bring a smile to her face. She is toiling
much harder for a living than me.
5. I stopped telling the elderly that they've al-
ready narrated that story many times. The story
makes them walk down memory lane and re-
live the past.
6. I have learned not to correct people even
when I know they are wrong. The onus of mak-
ing everyone perfect is not on me. Peace is
more precious than perfection.
7. I give compliments freely and generously.
Compliments are a mood enhancer not only for
the recipient, but also for me. And a small hint:

Never, NEVER turn a compliment down, just
say "Thank You!"

8. I have learned not to bother about a crease
or a spot on my shirt. Personality speaks loud-
er than appearances.
9. I walk away from people who don't value
me. They might not know my worth, but I do.
10. I remain cool when someone plays dirty to
outrun me in the rat race. I am not a rat and
neither am I in any race.
11. I am learning not to be embarrassed by my
emotions. It's my emotions that make me hu-
man.
12. I have learned that it's better to drop the
ego than to break a relationship. My ego will
keep me aloof, whereas with relationships I will
never be alone.
13. I have learned to live each day as if it's the
last. After all, it might be the last.
14. I am doing what makes me happy. I am
responsible for my happiness, and I owe it to
myself. Happiness is a choice. You can be
happy at any time, just choose to be!

I received this, I don't know who to credit it to,
but thank you!

Enjoy your day!

Sent in by Magriet van Zyl.





EYESense

Measure non-presurised tanks storing any commodity. Visibility through the realtime dashboard

Metron Agri Salus



Berno Grobbelaar
+27 76 313 1661
Ben Grobbelaar (Kokanje)
+27 82 897 5656



EYEGas PRO

Monitor your LPG level realtime on your mobile device



METRON AGRI SALUS ...

Would like to introduce a new, unique method of measuring devices for measuring contents of silos, tanks, gas cylinders, etc. Measured data is displayed and stored in your cell phone, tablet, computer in real-time.

No more unexpected run-outs.

For more info, contact

BERNO GROBBELAAR

076 313 1661

RUG PROBLEME?

Cloud Nine

beds for the rest of your life

**BEDDENS WORD TEN VOLLE ONDERSKRYF DEUR DIE
VERENIGING VAN CHIROPRAKTISYNS
VAN SUID AFRIKA**

As inwoner van Kokanje wil ek u graag bystaan met die volgende

- Keuse van regte bed
- Waarborg verduidelik
- Aflewering reël
- Spesiale prys beding



Rest Assured Also Available




Pieter Knoetze, Kokanje 57F
079 041 2878

BRING ADVERTENSIE SAAM VIR 10 % AFSLAG!



Tel: 082 475 7202
Your Hairdresser by Duncan
Ladies and Gents Stylist

**Bergstryd
Singel
No 7**



Mans Haarsny
Dames Haarsny
Blowave
Set
Tint / Hi-light
Perm

KE asook Huisbesoeke beskikbaar indien
dit nie moontlik is om Salon toe
te kom nie.

Skakel gerus of kom loer sommer in
om u afspraak te maak.

Besigheidsure
Maandag - Vrydag
7:30 tot 12-30

Eloisa
Tel: 082 466 6806

Salon Kokanje Mari





**KERSLIGGIES
WORD
AMPTELIK
AANGESKAKEL**





LÜNEBURG

PROPERTIES | VALUATIONS

Est. 2005



JAN LÜNEBURG

SACPVP (7395); MIVSA
MPRE (0924016); CEA
Nasionale Diploma Waardasies (CPUT)

EIENDOMS VERKOPE van:

- Besproeiings- en Droëland Plase
- Wilds-en Beesplase
- Kleinhoewes en Plotte
- Leefstyl Gasteplase en "Lodges"
- Residensiële Huise
- Erwe
- Kommersiële Eiendomme

PROPERTY SALES of:

- Irrigation and Dryland Farms
- Game and Cattle Farms
- Smallholdings and Plots
- Lifestyle Guest Farms and Lodges
- Residential Houses
- Stands/Building Plots
- Commercial Properties

PROFESSIONELE WAARDASIES van:

- Alle tipe plase (spesialis)
- Residensiële Eiendomme
- Industriële en Kommersiële Eiendomme
- Erwe en Ontwikkelingsgrond

PROFESSIONAL VALUATIONS of:

- All types of farms (specialised)
- Residential Properties
- Industrial and Commercial Properties
- Stands and Development Land



082 371 4783



jan@jlproperties.co.za



Kiepersol Straat 73F, Kokanje, Modimolle 0510

Spec-Savers Modi Mall
sorg nou vir jou sig
sowel as jou gehoor



AUDIOLOGY

MODI MALL 014 717 5448

koop 1 | kry 1



GRATIS
HANDELSMERK-
sonbril

tot
en
met

R3200

Bs&Vs geld.



MODI MALL 014 717 5448
BELA MALL 014 736 6061

'N WARE FEES OP KERSDAG, 25 DESEMBER 2023

Daar word elke jaar 'n Kersete gereël (veral vir enkellopendes, maar ook vir Inwoners wie se kinders ver of oorsee is, of selfs vir Inwoners wie se kinders en familie kom kuier het).

Vooraf is alles uitstekend beplan deur Gerrie en Madelein Farrell en Michiel en Susan Human. Ander gewillige helpers het die Kokanje-eetsaal pragtig en feestelik getooi vir die geleentheid. 'n Minimale bedrag is gehef om die Kombuispersoneel te vergoed wat agterna verantwoordelik was vir die opruim van die saal. Elke persoon/gesin bring 'n kouevleisgereg en 'n slaai wat



Michiel, Susan, Madelein en Gerrie.

op die buffettafels uitgestal word – hierdie jaar het die tafels behoorlik gekreun en daar was SO BAIE dat dit moeilik was om selfs 'n enkele skeppie van elke gereg te neem!

Maar, ons oë was weer groter as ons mae...

En vir diegene wat nog nie heeltemal versadig was nie,

was daar nog genoeg heerlike nagereg ook om van te geniet.



Ons bedank Leon de Jager vir die tafelgebed en almal wat hierdie baie suksesvolle geleentheid bygewoon het.

KOMPLIMENTE!

1. Dit was uitstekend! Die samesyn was wonderlik en daar was soveel verskillende lipplekergeregte om van te kies. Ons is so geseënd.

Trienie Vorster.

2. Al wat ek kan sê is: Dit was onverbeterlik en my kinders bevestig dat hulle nog nie so 'n fantastiese funksie bygewoon het nie. Hulle kon nie glo Kokanje-aftreeoord se Inwoners het alles self gedoen nie.

Drienie Smit.

3. Dit was 'n behoefte van my hart om hierdie afgelope Kersfees tuis te bly en my ouer broer en suster te nooi om die feestyd te kom kuier. Ek kan slegs met lof praat oor die hele aangeleentheid! My gastekon nie uitgepraat raak oor die voortreflike disse wat voorgesit is nie en ons was baie trots op ons mede-Inwoners se puik manier van dinge

doen. Dit was in alle opsigte " 'N FEES"!

Joan Schoeman.

4. 'n Fees by uitnemendheid! Daar het sommer gou 'n feestelike atmosfeer geheers. Die buffettafels het gekreun onder die smaaklike geregte – iets uit 'n ander wêreld! Groot dank aan die Humans en die Farrells wat Kersdag 2023 vir almal daar teenwoordig 'n spesiale dag van "onthou" gemaak het.

Anne Oosthuizen.

5. Michiel en Susan Human en Gerrie en Madelein Farrell het weereens uitgereik na Inwoners wat Kersfees op hulle eie in Kokanje sou wees. Vroeg in Desember is kaartjies verkoop, tafelbeplanning gedoen en resepte uitgeruil. Die Eetsaal was getooi met vrolik gedekte tafels en die fynproewergeregte was water-tand lekker. Die feestelike musiek het alles afgerond. Elke

KLEURCOLLAGE OP BLADSY 51.

Inwoner teenwoordig het baie moeite gedoen om Kersfees as ware Christusfees saam te vier.

Die Bybel sê: " 'n Vriend wat naby is, is beter as 'n broer wat ver is..."

Venter en Marinda van der Westhuizen.

6. Ons het ook Kersdag 2023 saam met 'n groot aantal Inwoners deurgebring. Vir die Kersete moes elkeen 'n vleisdis en 'n slaai voorsien. Dit was só lekker. Daar was die heerlikste kos. Die atmosfeer was feestelik en baie gesellig. Dankie vir elkeen se bydraes en vir die Farrells en die Humans se beplanning en reëlings!

Leon en Elize de Jager.



BEDANKINGS DEUR DIE REDAKSIE

Die volgende persone word hartlik bedank vir **HULP** en **KUNDIGHEID** om die April-**KOLLIG** voor te berei:

Keuring: Rita Noeth.
Taal- Fritz Wolff, Annette van Dyk, Anne
versorging: Kraay.
Proeflees: Hannetjie Boshoff/Rita van der Hoven.
Bladuitleg: Rita Noeth, Leonie du Plessis en Martha van Zyl.
Produksie: Rita Noeth.
Kleurcollages: Rita Noeth en Hetta Uys.
Voorblad-
kunswerk: Bets Stander. **Ontwerp:** Postnet
Ander foto's: Persone wat artikels ingestuur het/ klublede en Rita Noeth.
Tikwerk: Paula Nienaber, Rita vd Hoven, Rita Noeth, Tina Brits en Anneke du Plessis.
Nuwe Intrekker
onderhoude: Rina Lüneburg en Marthie Olivier.

Hartlike dank aan ons **Adverteerders** – sonder julle advertensiefooie sou die **KOLLIG** onbekostigbaar gewees het!

Pieter Knoetze, Marinda en Venter van der Westhuizen en Roelof Burger het as **Advertensiewerwers** en **Tesourier** opgetree. **Postnet** was verantwoordelik vir die ontwerp van nuwe advertensies of die redigering en versorging van bestaande advertensies.

Ons bedank **Kokanje-Inwoners** wat verskeie bladsye teen R50 elk geborg het – ons waardeer dit baie! Daar was ook 'n Anonieme Borg wat R100 geskenk het.

Ons nooi almal hiermee uit om ons te nader om in die toekoms ook bladsye in die **KOLLIG** te borg.

Roelof Burger.

Die Redaksie van **KOLLIG** bedank al die **Kokanje-Inwoners** wat die pragtigste artikels en gediggies ingestuur het.

KOLLIG-KLEINADVERTENSIES/KOLLIG-SMALLS

A. Isolerende Kooksak

Linda Sprenger, Huis 49D.
 (014) 715-2150 of 083 506-9322.



B. MORINGA PRODUKTE (Olie, poeier en kapsules)

baie billike pryse:

Erina Lombard, Huis 30C.
 083 452-2091
 014 715-2663.



C. Cosmetic treatments

Annette Nortje:
 Salon Juenesse @ Kokanje.
 45C Sering street.
 083 438-3336.




D. Manshaarkappers 1.

1. Dietloff Bredenkamp,
 Mispelstraat 21C.
 082 415-3729.



2.

2. Wensel du Plessis 34E
 072 212-7189.
 Kan ook hare by u huis sny.



E. Manikuur en Pedikuurdiens.

Maria Botha,
 Huis 6C.
 (014) 715-2070 of
 082 874-3027.



F. Maak van nuwe en herstel van bestaande Loodglaslampskerms en bedlampies.

Peet Marx,
 Huis 89B.
 083 286-9322.



G. Skerpmaak van messe en skêre. Krav-klasse.

Frik Grobler,
 Huis 90B.
 083 452-1836.



H. Gedroogde mangosnippers en strokies: R160 p/kg. en macadamianeute: R190 p/kg.

Chrissie Pretorius
 Huis 39C
 083 699-5978.



I. Algemene Nutsmanne:



ONTHOU:



Indien u iets wil **adverteer** in die Kleinadvertensies, of hulp aanbied as Nutspersoon (dit is **GRATIS**), kontak **Rita Noeth**. W/A: 083 307-1446.

Handgeskrewe **artikels en gedigte** kan in die **KOLLIG**-mandjie geplaas word – onder die posvakkies, voor Rita Deck se kantoor, of E-pos getikte artikels, gedigte en foto's na **ritanic2@gmail.com**

Kobus Pretorius 082 458-3423
 Johan (JP) vd Merwe 081 438-7148
 Peet Saayman 082 532-9041.



TEGNIËSE DIENSTE – WIE HERSTEL WAT?

A1. U EIENDOM:

Sonkragstelsels,
Motorhuismotors,
Dakwaaiers,
Muskietgaas en
Lugreëlaars

en

Golfkarretjies,
“Shopriders” of
Fietse.

Maak seker u het die instal-
leerders/verkopers se name
en kontakbesonderhede by-
derhand wanneer herstelwerk
benodig word.

Hierdie items is u eiendom en
nie Kokanje s'n nie – dus is
die Kokanje-Werkswinkel NIE
vir enige herstelwerk aan hier-
die items verantwoordelik nie.

(Die uitsondering: Daar is 'n
paar huise waarvan die dak-
waaiers die eiendom van Ko-
kanje is.)

A2. KOKANJE SE EIEN- DOM:

Huise,
motorhuise,
terrein en
afdakke.

Instandhouding en herstel-
werk word deur die Kokanje-
Werkswinkel verrig.

(a) KORREKTE PROSE- DURE OM HERSTEL- WERK AAN TE VRA:

U vul 'n Werksversoekvormpie
in by die Ontvangstoonbank
en wag asseblief geduldig u
beurt af. Indien u op 'n ander
manier te werk gaan, ontnem

u iemand anders van sy plek,
voor u, in die ry.

U is nou in die ry.

Elkeen kry sy beurt!



(b) NOODSITUASIES

Gebatste pyp of geiser, riool-
verstopping of slang/likkewaan
in u huis:

Skakel Nikki Stratford by die
Werkswinkel gedurende kan-
toorure in die dag
060 975-5288.

Skakel die Noodnommer ge-
durende die nag
082 880-8974
of
082 322-0646.

Naweke (Saterdag en Sondag)
en Openbare Vakansiedae is
daar Werkswinkelpersoneel
aan diens vanaf
08:00 tot 15:00.

Wanneer die noodgeval voor
of na hierdie ure plaasvind,
word iemand wat op bystands-
diens is spesiaal vanaf sy huis
in die dorp ingeroep. Hou dit
asseblief in gedagte en pro-
beer asseblief, indien moont-
lik, binne die diensure skakel.

Indien dit 'n Noodgeval is, kry
u dringende versoek voorkeur
en moet ander Inwoners se

versoeke so 'n klein bietjie
wag. Anderdag is iemand an-
ders weer in die Nood en dit is
u beurt om 'n bietjie te wag.

**Baie dankie
dat u verstaan
en vir u samewerking!**




Nick Noeth

BETS SE YSLIKE BOOMTAK

Sondag, 23 Maart: Ek kom van
die kerk af. Op pad na my huis
toe, hoor ek 'n harde slag en
daar aangekom sien ek dat 'n
yslike tak van die boom langs my
voordeur afgebreek het en nou
in die voetpaadjie lê. Dit het my
stoepdakkie beskadig en indien
ek 'n minuut vroeër opgedaag
het, kon ek dalk ernstige bese-
rings opgedoen het!

10 minute na my oproep Werks-
winkel toe, was daar 'n paar
mense aan die werk met hulle
toerusting om orde te skep. Die
volgende dag is die res gedoen
en die skade aan die dakkie is
herstel.

**My innige dank aan elkeen vir
die puik diens!
Ek waardeer dit.**



**Nou is
ek éérs
bly dat
ek in
Kokanje
bly!**

**Bets
Stander**



TEGNIIESE DIENSTE – INSTANDHOUDING VAN KOKANJE-HUISE

Vervolg.

B1. U BYDRAE IN DIE PROSES:

(a) Inwoners help deur daaglik kennis te neem van die toestand van hulle huise.

WAARVOOR OM OP TE LET?

Indien daar byvoorbeeld:

(i) waterlekkte voorkom agter die 2 toilette of wasbakke.

(ii) toilette is wat nie ophou loop nadat dit getrek is nie.

(iii) waterstrepe voorkom by die kroonlyste, na reën.

(iv) kroonlyste is wat van die mure af wegtrek.

(v) nat kolle in die gang voorkom (naby die valdeur). Dit kan beteken dat pypies na die geiser, of die geiser self gebars het.

(vi) klam kolle op beddens of vloere in slaapkamers voorkom. Dit kan veroorsaak word deur dakteëls wat geskuif het tydens 'n erge storm en dat water inreën op die plafon.

(vii) krane is wat lek. (Kraanwassers het oud en hard geword en seël nie meer dig nie.)

(viii) geute wat oorloop gedurende reënstorms.

(ix) water wat opstoot in die toilet, wasbak, bad en/of stort. (Verstopping in die rioolpype.)

(x) investasie deur miere voorkom.

(b) Werksversoekvormpies word ingevul en in die Lêer, op die Linkerkantste Toonbank, in die Voorportaal geplaas.

(c) Die vormpies word daaglik deur die Werkswinkelpersoneel gehaal, gesorteer, genommer en uitgehandig om afgehandel te word. (Soms tot 65 per dag!)

U is nou in die ry om gehelp te word.

2. DIE WERKSWINKEL SE BYDRAE:

(a) Die Werkswinkelpersoneel gaan kyk, om die aard van die herstelwerk vas te stel.

(b) Indien dit dadelik herstelbaar is, word dit gedoen.

(c) Indien daar onderdele benodig word, word dit by die Werkswinkel gehaal en die werk word afgehandel.

(d) Inwoners teken die Werksversoekvormpie om te bevestig dat hulle tevrede is met die herstelwerk.

(e) Sommige werk neem langer as ander.

(f) Indien addisionele onderdele benodig word wat nie in die Stoor is nie, word dit dadelik bestel.

3. DIE WERKSWINKEL SE DIENSURE

**Maandae tot Vrydae
07:15 tot 15:45.**

**Naweke en Openbare
Vakansiedae
08:00 tot 15:00.**

4. NOODGEVALLE BEDAGS

Nommer om te skakel:

060 975-5288.

(a) Slang of likkewaan in die huis of op die plafon.

(b) Geiser wat gebars het.

(c) Waterpype wat gebars het.

(d) Reënwater wat in die huis instroom.

5. NOODGEVALLE SNAGS

Nommer/s om te skakel:

082 880-8974

of

082 322-0646.

Daar is een Bestuurder Op Roep gedurende die nag.

Daar is een Werkswinkelpersoneellid Op Roep (vanaf tuiste in Modimolle).

6. WANNEER U MET VAKANSIE GAAN

(a) Vra u bure (wat in besit van u spaarsleutels is) om eenkeer per week deur u huis te stap en die punte in nommer B1. hierbo na te gaan.

(b) Vra daardie bure om ook seker te maak dat u ys- en vrieskaste nog reg funksioneer – dit is uiters ongerieflik en onwelriekend om tuis te kom en te vind dat die inhoud van ys- en vrieskaste nie meer verkoel of gevries is nie.

NB. Onthou om hulle ook te verwittig van ys- en vrieskaste in u motorhuis.

HELPEDE HANDE – WAARMEE KAN ONS HANDGEE?

Wanneer daar 'n behoefte in Kokanje ontstaan, rapporteer Vrywilligers sommer gou-gou vir diens, rol moue op en voltooi die werk in 'n rekordtyd!

1. Tegniese Dienste

Nadat die pos van Frans van Efrink vakant geraak het, het **Nick Noeth** (Inwoner en BK-



Lid van die Tegniese Diensadvieskomitee) ingespring om te help met die werksaamhede van die Kokanje-Werkswinkel.

Hy het ook die touwysmaak en opleiding van die 2 nuwe jong

Bestuurders,

Pierre Cremer

(links) en

Desmond Swart

(regs) behartig.



BAIE DANKIE, Nick!

2. Faktotum



Inwoner **Dawie du Preez** het ingespring om te sorg dat die Kokanje-tuine en tuine van onbewoonde huise netjies en versorg is.

BAIE DANKIE, Dawie!

3. Stoelrepareerders/"Chairmen"

'n Groep mans, onder leiding van BK-Lid Willie Swanepoel, het aangebied om krakende stoele in die Eetsale "stil te maak".



BAIE DANKIE, Willie en jou span!

4. Opskeppers om Voedseldiens by te staan:

U sal merk dat daar elke dag van die week een Kokanje-Inwoner per Opdienstasie saam met die Kok diens doen. Hierdie Vrywilligers plaas hulle name op die lys op die tafel tussen Eetsaal 1 en 2. Hulle help dan vir een week om u voedsel vir u op te skep. Daar is ook Vrywilligers wat op 'n Reserwelys is en wat instaan wanneer iemand ongesteld raak of skielik 'n ander afspraak/vergadering moet bywoon.

BAIE DANKIE Inwoners, julle vriendelike diens word opgemerk en baie waardeer!

5. KE-Demensiestimulasiegroep

2 of 3 dames op 'n keer doen vrywillige diens,

Maandae tot Vrydae

(10:00 tot 11:00).

Daar word speletjies gespeel, ingekleur, legkaarte gebou, gesing of KE-Inwoners se hande masseer en versorg, ens.

Hierdie Groep benodig nog meer vrywilligers, asseblief.



Denise Prinsloo

KERSVERRIGTINGE IN DIE KE – BLADSY 71.

Die mens sien jou DADE,
maar God sien jou MOTIEWE.



Ons FAAL nie in die lewe as gevolg van ons FOUTE nie.

ONS FAAL

OMDAT ONS NIE UIT ONS FOUTE LEER NIE.

Hy wat goed is met die maak van verskonings,
is selde goed met die maak van enigiets anders.

Peace cannot be kept by force.

It can only be achieved by **understanding.**



Regards

Councillor Wiets Botes, Modimolle.

Being a good person does not depend on your religion, status in life, race, skin colour, political views or culture.

It depends on how you treat others.

THE CONCEPT OF LIFE OCCUPATION RIGHT AT KOKANJE RETIREMENT VILLAGE

Life Occupation right affords the purchaser the opportunity to acquire a specific dwelling against the payment of a special amount (depending on the type of dwelling that is required) at Kokanje with the assumption of never leaving Kokanje as place of residence.

The property, however, resides with the Company/owner selling the occupational rights to the incoming Resident.

Retired persons residing in a registered Retirement Village, with life occupation rights, are protected by the Older Persons Act and related regulations in conjunction with the stipulations of the Communal Housing and Companies Acts.

In the event of the developer/owner operating as a Company with no Profit Gain, life occupation rights Residents are the only shareholders. No management fees, profits or dividends are payable to any external business company. Surpluses achieved are utilised to the benefit of the Residents as stipulated in the said act and is applicable to Kokanje Retirement Village.

At the sale of life occupation of a particular dwelling, no agent's commission, transfer or registration fees are payable. One experiences a transaction without the pains of delayed registration of property. Furthermore the Resident is not liable for any maintenance and insurance of the dwelling. This responsibility lies with the Company of Kokanje.

An Occupier receives a lifelong package of access to a dwelling and a variety of all the facilities available at Kokanje e.g.:

- 24/7 safety and security service,
- a selection of sports and recreational activities which comprises of lawn bowls, jukskei, tennis, swimming pool, gymnastics hall, community hall with presentations of concerts, church services, selection of entertainment, the "Taphuis" (ladies bar) available for an hour before lunch,
- post office, kiosk and hair salon on premises,
- lunch on weekdays in the Kokanje Restaurant – excluding weekends and public holidays,
- 90 hectare bushveld with hiking trails for fitness and enjoyment of our Residents,
- a medical practice on premises,

- a frailcare unit and home care service to assist and treat agedly impaired Residents in the short or longer terms at very reasonable tariffs.

- garden services, to mow lawns, and a home cleaning service – both for one hour per week. Home windows are cleaned, on the outside, once a month,

- a well-equipped workshop and technical staff to provide expansive maintenance and emergency services,

- our village has two passenger transport vehicles available (small bus and minibus) to transport Residents to the Modimolle business centre once a week and to Kolonnade in Pretoria once a month,

- Municipal services and accounts are administered by Kokanje and are included in a single "one stop" Kokanje levy applied to each dwelling.

- in the event of enrolling at any social or sports club, a most reasonable subscription fee is payable to the club or clubs of your choice,

- life occupation at Kokanje, in reality, affords the Resident a care free lifestyle, where the Resident with a travelling urge can 'lock-up-and-go', or for those with no further zest for the tedious managing of house maintenance, an occupation contract provides,

- life occupation, in essence, is the last journey one takes while there is yet room for personal growth,

- a quality life style assured of care and assistance when in need.

In conclusion, we wish to highlight the fact, that in view of aforementioned benefits enjoyed by all at Kokanje, residents do not share in any profits accrued by the resale of the occupation rights. In fact, a reduction of 30% is deducted from the original selling price at a rate of 15% on contract date and 1.5% per annum over a period of 10 years.

In order to limit monthly levies to the lowest accountable level, all surpluses are ploughed back into the expenses of maintenance and management of Kokanje Retirement Village to the benefit of all, and most probably more than would have been the case in full title ownership with accompanying financial burdens.

(Article originally published in Kokanje 2016 Annual Report. Updated in 2024 by Management Committee.)

DIE BEGRIP "LEWENSREG IN KOKANJE"

Lewensreg gee aan die koper/s van die lewensreg die geleentheid om lewenslank in 'n huis te bly met die veronderstelling dat hy/hulle nooit weer gaan verhuis nie.

Die eiendom bly die eiendom van die Maatskappy/eienaar wat die lewensreg aan die Inwoner verkoop het.

In die geval van afgetredenes wat in 'n geregistreerde aftreeoord woon, word die okkupasiereghouer deur die Wet op Bejaarde Persone en die gepaardgaande regulasies beskerm, sowel as die Wet op Gemeenskaplike behuising en die Maatskappywet.

In die geval waar die Ontwikkelaar/eienaar 'n Maatskappy Sonder Winsbejag (MSW) is, is die okkupasiereghouers die enigste aandeelhouders en is daar geen bestuursgelde of winste of dividende wat aan 'n buitemaatskappy uitbetaal word nie. Alle surplusse word ten bate van die Inwoners in of deur die MSW aangewend. Dit is die geval in Kokanje.

Wanneer die kooptransaksie plaasvind, is daar nie agentekommissie, oordragkoste of hereregte betaalbaar nie. Daar is dus geen vertraging met registrasie van eiendom nie. Omdat die woning die eiendom van die MSW is in Kokanje, is die instandhouding en versekering daarvan die verantwoordelikheid van Kokanje.

'n Okkupasiereghouer kry 'n lewenslange pakket van voordele en toegang tot 'n woning en al die fasiliteite van die Oord soos:

- 'n 24/7 veiligheid- en sekuriteitsdiens,
- 'n verskeidenheid van sport- en ontspanningsgeriewe soos bv. rolbal, tennis, jukskei, 'n swembad, 'n gimsaal, 'n gemeenskapsaal waar konserte, kerkdienste en allerlei ander vermaak gereël word en 'n taphuis (dameskroeg) wat voor etes drankies verskaf,
- 'n poskantoor, snoepwinkel en haarsalon op die terrein,
- middagetes op weekdae in die Kokanje-restourant (naweke en vakansiedae uitgesluit).
- 'n terrein wat 90 hektaar Bosveld beslaan met verskeie staproetes vir oefening en ontspanning van ons Inwoners,
- 'n geneesheer wat op die terrein praktiseer, 'n versorgingseenheid vir vlak 3 verswakte bejaardes en tuisversorging vir diegene wat tydelik of langtermyn nie meer hulleself fisies

kan versorg nie ('n diens wat teen uiters billike tariewe gelewer word),

- 'n tuindiens wat eenkeer per week die gras sny en 'n skoonmaakdiens wat eenkeer per week die huis vir een uur lank skoonmaak. Die huisvensters word eenmaal per maand aan die buitekant skoongemaak.

- 'n goed toegeruste werkswinkel en personeel wat aan die Inwoners omvattende onderhouds- en nooddienste verskaf.

- Die Oord beskik ook oor twee bussies wat Inwoners eenkeer per week na Modimolle en eenkeer per maand na die Kolonnade-winkelsentrum in Pretoria vervoer.

- Munisipale dienste en rekeninge word ook deur Kokanje self geadministreer. Vir hierdie dienste word 'n "eenstop oordheffing" betaal wat die munisipale dienste insluit.

- Indien u aan sosiale en sportklubs behoort of aansluit, is billike lidmaatskapsgelede betaalbaar. (Daar is tans meer as 25 sulke verenigings/klubs in Kokanje.)

- Lewensreg beteken dus in die praktyk dat 'n Inwoner wat in Kokanje kom woon, sorgvry kan lewe in 'n oord wat sogenaamd "toesluit-en-ry" is vir diegene wat graag reis. Vir diegene wat nie meer die sleurwerk van die bestuur en onderhoud van 'n huis wil hanteer nie, word daar vir die meeste daarvan deur die okkupasieregkontrak voorsiening gemaak.

- Die bedoeling met lewensreg is dat dit die laaste reis is wat 'n mens sal onderneem, terwyl daar steeds geleentheid is vir persoonlike groei, 'n kwaliteit leefstyl en les bes, versorging vir die dag wanneer dit nodig word.

Om al hierdie voordele lewenslank te kan geniet, is die ooreenkoms dan dat die Inwoner nie in die wins deel wanneer die okkupasiereg herverkoop word nie, en ook 30% van die oorspronklike koopsom prysgee teen 'n koers van 15% met ondertekening en daarna 1.5% per jaar vir 'n maksimum van 10 jaar.

Omdat alle surplusse teruggeploeg word in die Oord om dit in stand te hou en 'n bydrae te maak tot die bedryf daarvan, word heffings betreklik laag gehou. So baat die Inwoners wat lank in Kokanje bly waarskynlik meer as wat hy/sy sou baat as hulle volle eiendomsreg gehad het met al die verpligtinge wat daarmee gepaardgaan.

Herhaling van artikel uit die Kokanje 2016 Jaarverslag en in 2024 bygewerk deur die BK.

Bladsy geborg deur **Bokkie en Jorrie Lombard**. Baie dankie, Redaksie.

ABBA MEETING

26 FEBRUARY 2024

DR JOHANN KRUGER (OF EDNA) SPOKE ABOUT AND DEMONSTRATED EQUIPMENT FREELY AVAILABLE TO ASSIST THE AGED TO MAINTAIN QUALITY OF LIFE

1) Wheelchairs:

These should suit the weight of the user, be easily loaded into vehicles and comfortable if used a lot during the day. Tyres should suit the terrain. Special comfortable seats and cushions are available. Manual and electric wheelchairs are sold.

2) Walkers and Rollators:

The user should walk upright, and wheels of equipment should be sturdy, grip properly and suit the terrain. Equipment should be light, load easily and fit with ease into vehicles.

3) Bath Assistive devices:

Bath chair.
Bath bench.
Bath lift.
Bath mats.
Grab handles.

4) Shower Assistive devices:

Shower chairs.
Grab bars.
Non-slip shower mats.

5) Toilet Assistive devices:

Seat raisers.
Commodore.
Handrails.

6) Bedroom Assistive devices:

Hospital beds.
Mattresses to prevent bed-sores.
Protective covers.
Bedside lockers.
Bed rails.
Steps.

7) Oxygen equipment:

Cylinders.
Concentrators (also portable ones).
Regulators.
Masks.
Pulse oximeters.

8) Incontinence products:

Adult nappies.
Adult pants.
Pads.
Catheters.
Urine bags.
Linen protectors.

9) Diagnostics equipment for home monitoring of:

Blood pressure.
Glucose.
Cholesterol.
Uric acid.
Haemoglobin.
Oxygen saturation.

Dr Johann is a highly educated and qualified professional, lecturer, examiner, speaker, and businessman.

His hobbies are flying his microlight, photography and watching any sport.

WE THANK DR JOHANN FOR HIS INTERESTING LECTURE AND FOR ALWAYS ADVERTISING IN KOLLIG!



Die ABBA-bestuur en lede betuig hulle innige simpatie met Petro Combrink en haar familie met die afsterwe van haar man,

Gielie. Hy was 'n baie geliefde lid van ABBA en het gereeld die vergaderings geopen, asook bemoedigende praatjies gelewer. Hy het vir baie jare die gewyde en opbeurende boodskappies in **KOLLIG** Light behartig.

Hans van der Merwe het aan die einde van 2023, na meer as 26 jaar aan die hoof van ABBA, uitgetree en die leiers aan **Gert Kruger** oorhandig. Hans is op opregte en plegtige wyse bedank vir sy onbaatsugtige werk om ABBA oor die jare te vestig en uit te bou.

Baie dankie, Gert, vir jou bereidwilligheid om die leierskap van ABBA oor te neem en verder saam die toekoms in te stap.



KLANK-EN-BEELD se KINDERPROGRAM – DESEMBER 2023



Kokanje-
Avontuur...





DOOR & WINDOW CONNECTION

- Aluminium & Glas Stoep Verandering
- Blinders
- Muskiet Gaas

Kontak ons gerus vir 'n Kwotasie

Sonja van Zyl

082 454 6250

sonja@dwcon.co.za / www.dwcon.co.za

24A Dirk van den Bergstraat, Modimolle (Oorkant die Gevangenisdiens)



PSG Insure

**Beveilig jou korttermyn
versekering behoeftes
met PSG Nylstroom**

By PSG is ons kliënte die hart van ons besigheid. Vir ons is dit belangrik om jou te leer ken, 'n blywende verhouding te bou en jou by te staan om jou korttermyn behoeftes te verstaan en te help bereik.

**Kontak ons gerus. Hoe
beter jy beplan en hoe
gouer jy begin, hoe vinniger
gaan jy gemoedsrus kry.**

Ons dienste:

- Welvaartbeplanning
- Versekeringsadvies: Persoonlik
- Versekeringsadvies: Kommersieel



Sanet Weideman

Insure Adviseur:
Kommersieel en Persoonlik

S +27 (0)83 658 8527

E sanet.weideman@psg.co.za



Thea Posthumus

Insure Adviseur:
Kommersieel en Persoonlik

S +27 (0)67 604 8258

E thea.posthumus@psg.co.za

PSG Insure Nylstroom

Thabo Mbekiweg 98, Modimolle, 0510 | T +27 (14) 717 1036
www.psg.co.za/branch-office/nylstroom-thabo-mbeki-road-98-short-term

PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer. RFD 728

ABBA-PRAATJIE OOR REFLEKSOLOGIE

1. Wat is Refleksologie?

Dit is 'n **nie-mediese** vorm van behandeling waar *spesifieke punte* op die voete (en hande/ore) meganies *gestimuleer* word om positiewe verandering in die *korresponderende organe* (en spiere/bene/stelsels) van die liggaam te stimuleer.

Behandeling help liggaam om blokkasies op te los en heling te begin, sowel as om ontgifting en eliminasië te stimuleer.

Dit sorg vir voorkomende en akute verligting.

Die primêre doel is om balans/**homeostase** in die liggaam te herstel – die effek is fisiek en emosioneel.

2. Die oorsprong van Refleksologie:

Antieke helende behandeling: Indië, China, Egipte (4500 – 5000 jaar v.C.)

Die Florentynse beeldhouer Cellini (1500 – 1571) gebruik sterk drukking op tone en vingers om pyn in sy liggaam te bestry.

Dr. Adamus en A'Tatis beskryf hierdie helingsmetode in 1582.

Dr. Fitzgerald (1872 – 1942)

het hierdie tegniek doelgerig op al sy pasiënte gebruik en het groot sukses behaal. Hy het moeite gedoen om sy tegniek bekend te stel en staan bekend as die "Vader van Refleksologie".

3. Hoe werk dit?

Daar is 'n reflekspunt op jou voete (hande/ore) wat elke orgaan, klier en stelsel in jou liggaam verteenwoordig.

4. Primêre reseptore in die vel:

Merkel = ligte aanraking.

Meissner = aanraking en laëfrekwensie vibrasie.

Ruffini = strek van vel, warmte en deformasie van gewrigte.

Pacinian = druk van korte duur, hoëfrekwensie vibrasie.

Daar is Energiebane (Meridiane) wat verbind is met Organe:

6 begin/eindig in vingers.

6 begin/eindig in tone.

Bonus!

Tydens 'n Refleksologie-behandeling word Meridiane ook gestimuleer.


5. Meer oor jou voete:

Komplekse struktuur met –

26 bene,

33 gewrigte,

20 spiere en meer as 100 tendons (heg spier aan been) en



ligamente (heg been aan been). Duisende senu-eindpunte wat sensasie ervaar en dit deur ruggraat na brein oordra.

6. Voordele van Refleksologie:

Laat jou ontspan en verlaag streshormoon, kortisol.

Verbeter bloedtoevoer na spesifieke organe.

Verbeter algemene bloedsirkulasie.

Verbeter limfsirkulasie.

Balanseer hormoonafskeiding (endokriene stelsel).

Verbeter brein-/liggaambewustheid en kommunikasie – Meganoreseptors in vel reageer op stimulasie (aanraking, drukking, vibrasie).

Senuwees dra die boodskap na die sentrale senustelsel – via rugstring na brein.

"Balance, proprioception ("perception of one own self")/ spacial awareness via limb movement and joint position."

7. Ander praktiese voordele (deur navorsing bewys):

Vinniger algemene herstel na operasies.

Vinniger blaaslediging sonder kateter na narkose.

Niersteensegmente vinniger en met minder pyn deurgelaat na litotripsie.

Positiewe impak op nierfunksie tydens dialise.

Verligting van hardlywigheid en urinêre inkontinensie.

Hoë bloeddruk gebalanseer.

Algemene en spesifieke pynverligting.

Ontspanning – Refleksologie versterk Alpha- en Theta-breingolwe.

Beter kwaliteit slaap.

Refleksologie is beide 'n alleenstaande en komplimentêre modaliteit wat hoofstroom mediese sorg met groot sukses aanvul.

Toeganklik en bekostigbaar!

Annalise Delpert



Bladsy geborg deur **Bokkie en Jorrie Lombard**. Baie dankie, Redaksie.

ABBA-PRAATJIE OOR DIE KOKANJE-VERSORGINGSDIENS

30 OKTOBER 2023

Suster Patricia Snyders en Pulane Thejane

Dit bestaan uit 2 komponente:

1. Kokanje se Eenheid vir Verswakke Bejaardes ("KE").
2. Ondersteuningsdiens (Tuisverpleging/Tuisversorging).

1. KE: 45 beddens plus 1 herstelsorgkamer.

Siek Inwoners moet hospitaal toe gaan!

Evaluasies deur Patricia, Pulane en Henriëtte Els (gesamentlik of alleen).

Dit sluit die volgende in:

DQ98,
Val-risiko,
Voedingsprobleme,
Afhanklikheid (alkohol/medikasie/dwelms),
Inkontinensie,
Medikasiegebruik,
Mini-mental, ens.

Inwoners behoort so lank moontlik onafhanklik in hulle huise te woon. Onreëlmatighede word gewoonlik deur bure en/of familie opgemerk en gerapporteer, want hulle is besorgd oor hulle ouers of vriende.

In die Desember-**KOLLIG** is geskryf oor die minimale, ekstra koste wat in die KE betaalbaar is vir ekstra etes, water/ligte en wasgoed, ens.

INDELING VAN AFDELINGS:

AFDELING A – "Assisted living" – kategorie B-Inwoners wat net 'n bietjie hulp nodig het.

AFDELING B – "Frail Care" – verswakke Inwoners wat konstant hulp nodig het.

AFDELING C – "Assisted living" – kategorie A- en B-Inwoners wat hulp benodig, maar onafhanklik kan leef.

AFDELING D – Demensie – geheuesorgafdeling – hierdie Inwoners is hulpbehoewend t.o.v. versorging.

AFDELING E – Demensie – geheuesorgafdeling – onafhanklik – benodig hulp met daaglikse aktiwiteite en leefstyl, asook stimulering om aan die gang te bly (dis waarom daar 'n Deernisgroep gestig is en daaglikse aktiwiteite word gedoen tussen 10:00-11:00).

AFDELING F:

8-bed saal – nie "stepdown" nie!
"Respite care" – verligting vir Versorger.

Rehabilitasie na operasie – fisio-terapie, ens.

Gebeurlikhede soos val in die nag – observasie.
Evalueringsperiode voor permanente opname.

Kostes aan verbonde!

SORGKOM: (Versorgingsdiens-Advieskomitee.)

Help met evaluering vir permanente opname (Voorsitter plus 2 Komiteede.)

Help met die toekenning van beddens in die KE (Voorsitter).
Welwillendheidsbesoeke.

2. Ondersteuningsdiens (Tuisverpleging/Tuisversorging).
7 dae per week.

06:30 – 18:30 elke dag.

Geen ekstra onkoste vir hulp by huise!

Suster Pulane is op kantoor
Maandae – Vrydae 07:00-16:00.

(a) Verpleging:

Medikasie.

Wondversorging.

Inspuitings.

Tuisbesoeke.

Privaatversorgers.

Noodknoppies.

Reël van kosaflewering.

Bloeddruklyn.

Doktersafsprake.

(b) Versorging:

Was, stort en/of bad.

Stutte/Rekkouse aan- en uittrek.
Tuisbesoeke.

Hulp met etes (NB. Waar nood is).

(c) "Meals on wheels" – Matilda.

Siek of verswakke Inwoners se kos word afgelewer teen R13 per dag. Reël met suster Patricia of suster Pulane.

Opmaak van beddens, was van skottelgoed (waar nood is).

(Bepaal deur sr. Pulane.)

Kosbakkies word uitgesit vir middagetes.

Laat weet wanneer kosaflewering gestaak moet word.

(d) Bedags: Noodknoppies word gedruk in geval van nood in die huis. Verpleegsters reageer.

(e) Snags: Noodknoppies word gedruk en Suster aan Diens reageer. Spaarsleutel in KE of by bure, word gebruik om toegang tot huis te verleen.

(f) Sorg dat u inligtingsvorm agter u slaapkamer deur bygewerk is en u noodtassie gepak is.

Besoekers wat in noodsituasies beland:

Kontak u huisdokter, gaan spreek hom en verkry medikasie by die apteek.

NOODNOMMERS:

ROEPFOON: 076 091-0354.

KE: 076 457-6912.

LIFE24-AMBULANS:

072 737-5093.

KOKANJE-NOMMER:

(014) 715-2030

(bedags).

Henriëtte Els: 079 883-6729

(Maandag – Vrydag.)

WELSYNSWERKER.



VERSORGINGSDIENS

MEER INLIGTING OOR KOKANJE SE ONDERSTEUNINGSDIENS (Tuisverpleging)

Kokanje het 'n uitgebreide Versorgingsdiens, die Ondersteuningsdiens (Tuisverpleging).

Die Bestuurder: Ondersteuningsdiens is sr. **Pulane Thejane** wat reeds vanaf 2021 aan die stuur van sake staan.

Sy het 2 **Stafverpleegsters** (**Sarie van Eeden** en **Lucy Maseko**) wat hulle skoene vol staan, veral oor naweke. (Onthou sr. Pulane is net weekdae aan diens.)

Daar is 2 **Assistent-verpleegsters** (**Selina Ndlovu** en **Georgina Nteta**) wat die regterhand van die Suster sowel as die Stafverpleegsters is. Hierdie 2 Assistent-verpleegsters word bygestaan deur 2 **Versorgers** (**Beatrice Lekalakala** en **Cate Kekae**) en saam vorm hulle 'n gedugte span!

Die Personeel van Ondersteuningsdienste begin om 06:30 (elke dag) te werk. Vroegoggend behartig hulle die volgende:

Die verswakte Inwoners word by hulle huise gewas en gestort, bloeddruk word geneem, dagklere en kouse word aangetrek en stutte word aangesit.



HOU 'N NOODTASSIE GEREED!

Mediese noodgevalle gebeur blitsnel en hospitalisasie moet blitsvinnig gereël word. Alhoewel ons Kokanje Eenheid se Personeel en Ondersteuningsdienste raakvatters is en gou al die nodige bymekaar kan sit, is dit dalk net beter om 'n voorafgepakte Noodtassie gereed te hê.

Die Suster en Stafverpleegster deel medikasie uit, gee inspuittings en doen wondversorging (soos voorgeskryf), doen tuisbe-soeke en hou ook toesig by Versorgers wat by die huise werk. Hierdie hele proses van medikasie uitdeel, aantrek van nagklere, uittrek van rekkouse, afhaal van stutte ens. word weer in die namiddag herhaal tot 18:30.

Bogenoemde personeel hanteer ook die noodknoppies gedurende die dag. Onthou die noodknoppie is slegs 'n aanduiding van wie hulp TUIS benodig – ons gaan nie weet waar u in Kokanje is wanneer u gaan stap nie. Neem u selfoon saam met die noodnommer daarop aangebring! Ondersteuningsdienste gaan u nie bel voor hulle uitbeweeg na u huis toe nie, hulle is dalk iewers in Kokanje besig en word telefonies in kennis gestel dat die noodknoppie gedruk is. Sodoende bereik hulle u baie vinniger.

Wanneer u vir 'n operasie gaan, is dit belangrik dat u voor die tyd met sr. Pulane Thejane in aanraking kom. Daar sal definitief nasorg wees.

Praat somer ook met haar of haar span oor toerusting/hulpmiddels wat u en u mediese fonds baie geld kan bespaar deur

dit net by die Versorgingseenheid te leen en na gebruik terug te besorg.

Die Bloeddrukkliniek is Woensdae vanaf 11:00 – 13:00 by sr. Pulane se kantoor. Dit is vir ons 'n riem onder die hart as Inwoners kom inloer en somer bloeddruk laat neem. Inwoners word dan somer 'n bietjie gepamperlang deur van raad bedien te word of net 'n oor te verleen wat kan luister.

Mathilda Rammutla is ons “Meals-on-Wheels”-dame! Sy lewer nie net kos af nie! Menige Inwoner kan getuig van haar empatie en sy hou haar hand op die pols by ons verswakte bejaardes. Mathilda lewer ook diens, waar nodig, deur met oggendtakies (soos bed opmaak) te help.

Sy sal, waar nodig, met sr. Pulane kommunikeer en die nodige inligting verskaf waar daar hulp nodig is.

Hierdie spannetjie doen uitmuntende, noodsaaklike werk in Kokanje en hulle staan elke dag hulle skoene vol om vir u, as Inwoner, die nodige gemoedsrus te gee.

Dankie.

**Suster Patricia
Snyders.**



- Sorg dat die Inwonerinligtingslys (wat agter die slaapkamerdeur is) ook opgedateer is met u mediese-fondsbesonderhede, ID-nommer, u dokter se nommer, kontakbesonderhede van naasbestaendes en u begrafnisondernemer.

- Dui asseblief aan waar u mediese-fonds- en ID-kaarte/boekie gebêre word.

Bladsy geborg deur Tiaan en Babsie Crafford. Baie dankie, Redaksie.

DEHIDRASIE IS UITERS GEVAARLIK – VERAL VIR BEJAARDES!

OORSAKE VAN GEESTELIKE VERWARRING BY BEJAARDES

Vraag: Wat is die algemeenste oorsake van geestelike verwarring?

Antwoord: Onbeheerde suikersiekte, urinêre infeksie en **dehidrasie**.

So skryf dr. Arnaldo Liechtenstein.

Dit klink miskien na 'n grap, maar dit is nie. Mense ouer as 60 hou op om voortdurend dors te wees en as niemand daar is om hulle daaraan te herinner om vloeistowwe in te neem nie, ontwater hulle vin-nig. Dehidrasie is ernstig en beïnvloed die hele liggaam. Dit kan skielike geestelike verwarring veroorsaak, 'n daling in bloeddruk, verhoogde hartkloppings, angina (pyn op die bors), koma en selfs die dood.

Op die ouderdom van 60 het ons net meer as 50% van die water oor wat voorheen in ons liggame was – dus 'n laer waterreserwe. Dit is deel van die

natuurlike verouderingsproses.

Alhoewel mense ouer as 60 gesond mag lyk, kan verkeerde reaksies en chemiese funksies hulle liggame beskadig en komplikasies veroorsaak.

2 waarskuwings:

1. Beoefen die gewoonte om vloeistowwe in te neem. Dit sluit in water, sappe, tee, klapperwater, melk, sop, waterryke vrugte soos waatlemoen, span-spek, perskes, pynappel, lemoene en mandaryn. **U behoort elke 2 uur vloeistof in te neem. Onthou dit!**

2. Waarskuwing aan gesinslede: Bied voortdurend vloeistowwe aan aan mense ouer as 60. Let op wanneer hulle geïrriteerd en kortasem is of 'n gebrek aan konsentrasie toon.



HOE OM NIERE NATUURLIK EN PYNLOOS TE SUIWER – GOED VIR MENSE VAN ALLE OUDERDOMME

Niere filtreer altyd die bloed en skakel sout, gif en alles wat skadelik in ons stelsel is, uit. Met verloop van tyd hoop sout op en vereis 'n skoonmaak-behandeling.

Hoe gaan ons te werk?

Neem 'n bossie pietersielieblare en was dit goed. Sny dit in klein stukkies en plaas dit in 'n kastrol met 1 liter skoon water. Kook vir 10 minute. Koel af, filtreer hierdie tee in 'n skoon bottel en verkoel. Drink 1 koppie hiervan per dag. Jy sal merk dat al die sout en gif wat in jou niere opgehoop het, uitgeskei word in jou urine.

Ingestuur deur **Saartjie Smit** en ook deur **Lena van Aarde**.



SURVIVING A HEART ATTACK WHEN ALONE

If you experience severe pain in your chest that radiates into your arm and up into your jaw, the chances are you are having a heart attack.

You will have a short while before losing consciousness, so if you are alone – here's what to do:

Press your Emergency Button!


Cough repeatedly and vigorously, taking a deep breath before each cough. Repeat it every two seconds without let-up.

Deep breaths get oxygen into the lungs, while the coughing movements squeeze the heart and keep the blood circulating. The squeezing pressure on the heart also helps it regain normal rhythm.

Stay calm!

Wait for help to arrive.


(From:
Journal of General
Hospital Rochester.)




MANZI™

WATER GIVING LIFE

The Water REFILL PROCESS



Refill at R1.60



 **SAND
FILTRATION**

 **ELEMENT
FILTRATION**

 **REVERSE
OSMOSIS**

 **CARBON
FILTRATION**

 **UV
PROTECTION**

 **OZONE
TREATMENT**



Hervul van Waterbottels
PENSIONARISSE
SLEGS R1-00 PER LITER

Terms & Voorwaardes geld



079 743 5023

H/v Thabo Mbeki & Nelson Mandela
Shop 5, Esther Gebou

Modimolle



Jy het nie net 'n meesterplan nodig om jou doel te bereik nie, maar ook 'n **MEESTERBEPLANNER** om jou koers te bepaal.

Ons dienste sluit in

- Beleggings
- Aandelemakelary
- Portefeuljebestuur
- Testamente en Trusts
- Finansiële beplanning

Kontak ons vir gespesialiseerde finansiële- en beleggingsadvies



Jan De Villiers CSb(SA), CAIA®
Welvaartbestuurder : Sekuriteite

Jan.DeVilliers@psg.co.za
+27 (72) 458 5126



Angelique Bonnette
Administratiewe Assistent

Bonnette.Angelique@psg.co.za
+27 (76) 452 3976



Wico Strydom CFP®
Welvaart Adviseur

Strydom.Wico@psg.co.za
+27 (83) 712 0302

Modimolle | 98 Thabo Mbeki road, Modimolle
S +27 (14) 717 1036
psg.co.za

Ek wil graag die volgende met julle deel – dis vir almal wat 'n bietjie sukkel met die alledaagse probleme van oudword en veral gesondword (soos ek ook tans ondervind).

Milly Farren



WHEN I WHINE

The other day upon a bus,
I saw a girl with golden hair.
I envied her – she looked so gay
and I wished I were so fair.
Then suddenly she rose to leave:
I watched her hobble down the aisle,
She had but one leg. Bore a crutch and
as she passed she smiled,
O GOD forgive me when I whine –
I have two legs – the world is mine.

Later I paused to buy some sweets.
The lad who sold them had such charm.
If I were late it would do no harm.
Then as I turned to leave he said:
Thank you, you have been so kind
I like to talk to folks like you –
see I'm blind.
O GOD forgive me when I whine –
I have two eyes – the world is mine.

Still later, passing down the street,
I saw a child with eyes so blue.
He stood and watched the others play.
It seemed he knew what to do.
I stood a while and then I said:
"Why don't you join the others, dear?"
He looked ahead without a word
then I knew he could not hear.
O GOD forgive me when I whine –
I have two ears – the world is mine.

Two legs to take me where I'd go,
two eyes to see the sunset's glow,
two ears to hear what I would know."
O GOD forgive me when I whine –
I'm blessed – the world is mine!

Unknown author.

BANGMAAKSTORIES EN SWENDELARY GAAN VOORT

Daar is steeds onbekende persone wat jou skakel – of dit nou op Kersdag is of 22:00 in die aand. Wees te alle tye op en wakker!

Hulle gee voor dat hulle van MTN se Bedrog-afdeling is en beweer dat iemand probeer om 'n "Sim swop" op jou foon se Simkaart te doen. Hulle vertel dat jy vinnig moet optree. En... wanneer jy baie erg geskrik het en nie mooi helder dink nie, dan kom die vrae om jou persoonlike inligting te verkry om jou geld te steel.

AKSIE: Druk die rooi telefoonprentjie op jou selfoon en sny die oproep summier af!

Skakel hulle jou weer, is hulle nou heel kwaad en ongepoets en dreig hulle met die bangmaakstories dat jy self verantwoordelik sal wees indien daar iets nadeligs gaan gebeur.

AKSIE: Sny hulle weer af en klop jouself op die skouer. Die brullende bedrogleeu het jou nie gebyt nie!

(**Ander slenters:** Daar word fakture na jou selfoon gestuur en jy word gedreig om dit vinnig te betaal – hulle is kamma van 'n prokureursfirma of skuldinvorderingsburo.)



SIX IMPORTANT GUIDELINES IN LIFE.

1. WHEN YOU ARE **ALONE**, MIND YOUR THOUGHTS.
2. WHEN YOU ARE **WITH FRIENDS**, MIND YOUR TONGUE.
3. WHEN YOU ARE **ANGRY**, MIND YOUR TEMPER.
4. WHEN YOU ARE **WITH A GROUP**, MIND YOUR BEHAVIOR.
5. WHEN YOU ARE **IN TROUBLE**, MIND YOUR EMOTIONS.
6. WHEN GOD STARTS **BLESSING YOU**, MIND YOUR EGO.

KAN JY NOU MEER!?

'n Paar komiese antwoorde deur
pensioenarisse, op die vraag:
"Hoe gaan dit?"

- a. Baie goed! Ek het vanoggend darem bo die grond wakker geskrik.
- b. Dit gaan, wel... opgestaan en self aange-trek.
- c. Nie te goed nie – ek het soveel pyn dat ek nie eens plek het vir almal nie.
- d. Ag my vriend, ek kla nie oor my pyne nie, want ek kry dit verniet.
- e. Dit gaan baie goed, elke pyn is op sy regte plek.
- f. Ek is darem nog padwaardig, maar moet net nie my enjinkap oopmaak nie.
- g. Wel, wel, wel... Ek kners op my agtertande en glimlag met my voortande.
- h. Ek voel vandag soos 'n kriel wat Doom ingekry het – ek beur al na die een kant toe.
- i. Dit gaan op-en-af en heen-en-weer – soos met 'n bak jellie wat onrustig is.
- j. Dit gaan tussen sleg en verskriklik.
- k. Ek druk deur, al maak dit seer!

Ingestuur deur
Manie de Jager.



It would be wonderful if we could put ourselves in the tumble dryer for 10 minutes and then come out wrinkle-free and 3 sizes smaller!



Die bejaarde dame gaan sien die dokter en sê sy voel baie siek. Dit pyn so wanneer sy met haar voorvinger oral op haar liggaam druk.

Die dokter se diagnose nadat hy haar deeglik ondersoek het: "Mevrou, jou voorvinger is gebreek!"



So you drive across town to a gym to walk on a treadmill?



Last year I joined a group for procrastinators... we haven't met yet!

MEV. TWYFEL EN DIE STRYKYSTER

Dit was mev. Twyfel se gewoonte om haar man te laat terugdraai na hulle woning omdat sy nie kon onthou of sy die strykyster afge-skakel het nie en die huis as gevolg daarvan sou kon afbrand.

Eendag, op pad na hulle vakansiebestem-ming, is dit weer sulke tyd en sy begin kla en kerm. Haar man hou egter aan met ry. Sy is naderhand raadop, en dit is toe dat hy sy arm ewe nonchalant na die agterste sitplek uit-strek, hulle strykyster optel en vir haar wys!



Vraag: Watse tekort het 'n persoon wat gedurig ys eet?


Antwoord: Brandewyn en Coke!



IN DIE VERBYGAAN GEHOOR...

By die Raasblaarstraatbraai, een van die talle jaareindfunksies in Kokanje, waar die heer-likste eetgoed genuttig is, het **Heidi Tomes** gesê:

"Dit is by tye soos hierdie dat 'n mens wens die hele mens was pens!"





EMMANUEL SHUTTLE SERVICE

Drivers you can trust

Do you want to go to town?
Do you have an appointment?
But no transportation?
Call us to assist you!

Modimolle
Bela Bela
Pretoria
Airport



Call Amaro at 083 379 6961

emmanuelshuttleservice@gmail.com

BOSVELD GLASS

WINDSCREENS | AMBER
PACIFIC | CLEAR GLASS
& SHOWER DOORS

FREE QUOTATIONS IN
A RADIUS OF 20KM

WE WORK FAR AND WIDE
MOOKGOPHONG | VAALWATER
BELA-BELA | MODIMOLLE

Tel: 014 000 4568

Cell: 078 873 4914

bosveldglas9@gmail.com

105B Thabo Mbeki Str, Modimolle

Once Off or Maintenance
cleaning schedule

From as low as R162 per visit

For a quote please
contact

Berno Grobbelaar
+27 76 313 1661

**SOLAR PANEL
CLEANING**



**Hannelie de Beer
Fisioterapie**

(Praktyk: 961906)

Besoek Kokanje 3 keer per week.
Sien kliënte in die versorgingseenheid
of in die gerief van jou eie huis.

Skakel Hannelie
by 078 426 9685

164 Kerk Straat, Nylstroom, 0510

JOU ALGEMENE HARDEWARE WINKEL



- BOUWARE
- ELEKTRIES
- HAND-GEREEDSKAP
- LOODGIETER PRODUKTE
- TUINBOU GEREEDSKAP
- VERF



☎ 015 880 1844

📞 063 784 5597

1115 NEPTUNE STRAAT MODIMOLLE, 0510
www.devilliershardware.co.za



Solitaire *Hair*
by Mariana • MODIMOLLE •



Left to right:
Zephni, Bekkie,
Mariana, and
Corinne.

kalahariTM
ancient desert secrets

by
Carina Franck

Trusted skincare brand from ancient
desert secrets with de-aging properties

Stockists of:

NIOXIN
#1 solution for thinning hair

REDKEN
STYLING PRODUCTS



PAUL MITCHELL
PROFESSIONAL HAIR PRODUCTS

INDOLA
EXCLUSIVELY PROFESSIONAL

Kadus
PROFESSIONAL



COLLAGEN

Schwarzkopf

Services:

We only use the best quality products on our clients

- Colour & Cut • Perm
- Brazillian hair straightening treatment
- Brides & bridesmaids (can arrange to travel to venue)
- Extensions • Highlights
- Variety of hair treatments • Gents & Boys cuts

LOADSHEDDING?

No problem – we can still help!

Mariana 072 823 2806

Zephni 079 142 6056

Corinne 082 468 3803 (Nails)

KOKANJE SE EIE REËNKLIPMAN

Johan Badenhorst, van Voetspore-faam, het in een van sy reekse via die Wilde Weste, Kaokoland en Namibië, op die sogenaamde "Eensame Manne" (of te wel misterieuse klipmannetjies) afgekom met die nommer 30, die hoogste een van dié wat al ontdek is. Die feit dat niemand weet wie die kunstenaar is, hoe dit daar gekom het, asook hoeveel daar presies is nie, maak hierdie verskynsel natuurlik baie aantreklik vir hardebaard 4x4-reisigers en ontdekkers (veral ook oorsese toeriste)!

En toe, gedurende Februarie vanjaar, vat 'n "klipman" grond in 'n tuin van Blok 10 in ons eie Kokanje – nie daar geplaas deur wesens uit die buitenste ruim nie, maar deur ons eie Inwoner, **Hennie Kruger**.

Hennie se pad loop deur die S A Polisie ("Polisiemag" in beter dae) te Aliwal-Noord, Oos-Londen, Elliot, Lady Grey, Rouxville, Boshoff, Bloemfontein en Krugersdorp, waar hy o.a. werksaam was as 'n ondersoeker, staatsaanklaer, stasiebevelvoerder en Hoof: Opleiding. Deurentyd was hy 'n uithaler tennisspeler en ook gemoeid met afrigting. As jongman het hy, soos hy dit stel, "om die pot aan die kook te hou", meubels vir hul huis gemaak. Selfs 'n pragtige staanhorlosie is deel daarvan.

Daarna het hy hom toegespits op houtwerk, gekombineer met sweiswerk, asook houtsnij-, leerwerk- en glasveselprojekte. Steeds het sy vingers gejeuk om iets te skep deur klip met sweiswerk te kombineer...

Met hulle verhuising na Kokanje in Desember 2022 het hy, saam met sy helpende hand en alomteenwoordige wederhelf, Marietha, eers die tuin omvorm – ewe met 'n boddek en lopende water na 'n versonke dammetjie. Die reënmeter was die laaste item wat



'n plek moes kry. Dis toe dat Hennie se kreatiwiteit weer ingeskop het – 'n "klipman" moet die reënmeter vashou!

Die regte klippe word buite Modimolle gesoek en volgens die vorm en grootte van die benodigde liggaamsdele gekap, gebeitel en geslyp. Soos

wat die werk voltooiing genader het, het baie verbygangers by die motorhuis, waar Hennie vir meer as 'n maand bykans voltyds doenig was (beurtkragtye ingesluit), 'n wyle vertoef om sy handewerk gade te slaan. So het sy buurvrou, Marthella van Dijk, wat saam met haar eggenoot, Geurt, self die Ware Jakob in Kaokoland gedeeltelik beleef het, by Hennie verneem of hy van die verskynsel kennis dra. Hy was egter salig onbewus hiervan.

Hennie het tans soveel inspirasie en skeppende idees vir hierdie kunsvorm gekry dat hy reeds aan 'n nuwe opdragstuk begin werk het. Almal is natuurlik baie welkom om die Reënkliptman by huis 112E te besigtig. Jy word immers dan 'n baie lang reis met 'n 4x4-voertuig gespaar – terwyl jy nooit hoef te wonder wie die kunstenaar was nie!

Simboliek van Die Reënkliptman

Die bodem Smagtend,
Biddend, Vertrouend en
Wagtend.

Dankbaar – Lofprysend!
U het Weer Reën Voorsien!
MY METER LOOP OOR!

Tiaan Crafford



KAMPSTORIE

Kry 'n mens 'n kampwasmasjien wat met batterye werk?
Nee, want hy sal batterye vreet soos 'n vraat.
Wat jy wel kry, is een met 10 vingers.
Dit het gewoonlik lang hare, maar is 'n bietjie raserig.

(Julle manne speel met julle siekverlof! **Red.**)



NUWE INTREKKERS

1. Andrew en Amanda Bosman (née Van der Merwe) van Huis 61C het vanaf Secunda hierheen verhuis. Karel en Annaleen Minnie het hulle (Annaleen se) broer en skoonsuster oorreed om hier te kom aftree.

Die Bosmans geniet die mooi natuur, stilte, geriewe en bedrywige sosiale lewe.

Andrew stel belang in musiek en nuwe tegnologie en Amanda lees, dans, brei en doen naaldwerk. Hulle sal seker binnekort inskakel by die betrokke klubs.

Andrew was 'n "Electrical Data Maintainer" en Amanda 'n Professionele Verpleegkundige.

2. Gawie en Adri du Toit (née Jansen van Vuuren) van Huis 53C het eers in Ermelo gewoon.

Hulle beweer hulle het hierheen "gevlug, weg van die kinders af!"

Die Du Toits was Makelaars en hou van voëls en fotografie.

3. Johan en Marina Fick (née Raubenheimer) van Huis 95E.

Hulle het in Sasolburg gewoon en is reeds besig om baie nuwe vriende in Kokanje te maak, hier in die Bosveld met die pragtige natuur om hulle.

Die Ingenieur en die Tuisteskepper hou van die natuur, fotografie en tuinmaak en het reeds by die Voëlklub en Den-drologiese Vereeniging in die dorp ingeskakel, asook die Voetslaanklub in Kokanje.

4. Pieter en Thea Loggenberg (née Potgieter) van Huis 82A kom ook van Sasolburg af en hulle familie/vriende in Kokanje is Pieter en Barbara Matthyser en Rina Booyens.

Die Loggenbergs het die Bosveld, Veiligheid en KE verkies, asook hulle kinders se nabyheid, toe hulle 'n aftreetuiste oorweeg het.

Hulle het klaar by die Kunstklub en HoeSo?! ingeskakel.

Pieter het as Bestuurder by die Sasolfabriek gewerk en Thea was 'n Apteker.

Pieter se belangstellings is Boerdery, aandeel, tuinmaak en Thea hou van skilder en haar kleinkinders bederf.

5. Kobus en Trudi Nel (née Chomsé) van Huis 63C het vanaf hulle plaas Kazimngi, Geelhoutkloof, Alma Distrik, hierheen verhuis.

Die Nels was voorheen Oordbestuurder en Skakelbeampte by Kokanje en dit is ook vanaf hulle plaas dat Liza altyd die heerlike geelperskes bekom het.

Hulle glo steeds dat Kokanje die beste voordele vir afgetredenes bied.

Tuinmaak en naaldwerk is hulle stokperdjies/belangstellings.

6. Annemarie van Biljon (née Van Schalkwyk) van Huis 71A het voorheen in Pietersburg gewoon.

Sy is familie van/bevriend met Hannahbol van der Walt, Dries

en Rona de Jager, Elsa Watson en Christie de Jager.

Kokanje se Veiligheid en pragtige Natuur het haar laat beluit om hier af te tree.

Sy hou van fotografie, tuinmaak, stap en naaldwerk.

Annemarie is steeds betrokke met Boedeladministrasie.

7. Paul van Rooyen van Huis 13C, 'n Gesondheidsinspekteur, het voorheen in Phalaborwa gewoon.

Hy ken Cielie Sauerman wat hier woonagtig is.

Kokanje se veiligheidsmaatreëls was die deurslag vir Paul se besluit om hier te kom aftree.

Hy speel graag jukskei.

8. Kobus Vergottini van Huis 118A.

Hierdie Siviele Ingenieur het vanaf Brakenfell verhuis na Kokanje om lekker hier te kom aftree en jukskei speel.

Familie/Vriende in Kokanje: **Marthie Olivier en Rina Lüneburg.**



Dit is ook laasgenoemde 2 dames wat hartlik bedank word vir hulle besoeke aan die Nuwe Intrekkers – om hulle te verwelkom en bogenoemde inligting te bekom. **Red.**



NUWE INTREKKERS

Vervolg.

Nuwe Inwoners van links na regs – sien bladsy **36: 1, 3, 5, 6 en 2.**



Paartjie nommer 4 en manere nommer 7 en 8.



WELCOME!

The following poem is dedicated to you...

YOU AND I

We meet as strangers,
each carrying a mystery within us.
I cannot say who you are.
I may never know you completely,
but I trust that you are a person
in your own right,
possessed of a beauty and value –
the earth's richest treasures.

So I make this promise to you:
I will impose no identities upon you,
but will invite you to become yourself...
without shame or fear.
I will hold open a space for you in the world
and allow your right to fill it
with an authentic vocation and purpose.
For as long as your search takes,
you have my loyalty.

Author unknown.

**OPSOEK NA
MOTORS, BAKKIES,
WAENTJIES EN
KARAVANE OM TE
KOOP!  
AS U WIL VERKOOP
KONTAK:**

**HENK VAN DER MERWE
082 599 6957**

PROFESSIONELE WAARDASIES DU PREEZ NEL

**WAARDEERDERS • TAKSATEURS
VALUERS • APPRAISERS**

POSBUS 1182, KOKANJE, 0515

TEL: (014) 715 2338

SEL: 083 268 3711

dupreezn@telkomsa.net

Kokanje Skoonheidsalon
Kom bedef jouself

Foot & Body
Worx

Dienste:

- Tint
- Waksbehandeling
- Voetbehandeling
- Masseerings
- Naelbehandeling
- Wenkbroue
- Wimpers
- Facials



Mari Mare:
082 874 9249

Pikkie Meubelvervoer

Sedert 1975. LANDSWYD




Bestuur self en toesig vir u gemoedsrus

**Geregistreeerde vervoer
met TOE meubelwa**

Opberging en versekering

Tel: 014 717 3101 of 082 557 0511

Strydomstr. 4, Modimolle (Nylstroom)



Naaimasjien en omkapmasjien Hersteldiens

**Diens en Herstel van alle fabrikate
teen die beste pryse**

ONS DIENS:

- Kokanje
- Koro Creek
- Bosveldsig

Chris De Wet & Seuns

Dalene: 082 213 5111

DANKBETUIGING AAN FRANS VAN EFFRINK

Loopbaan in Kokanje: 1999 – 2023.

Frans van Efrink het in 1999 by Kokanje begin werk. Hy en sy familie het in die een Personeelhuis gewoon en sy kinders het hier grootgeword.

Hoogtepunte in Frans se loopbaan:

1. Betrokke by die oprigting van 'n deel van die huise in Fase 9 en by die bou van fases 10 en 11.
2. In beheer van die oprigting van die KE se Afdeling D, E en F en bou van die Sonstoep.
3. Beplan en bou die opgaardamme en pompkamer.
4. Die 3 eetsale is (saam met wyle Corn Booyens) pragtig gemoderniseer.
5. Werk nou saam met die Voorsitter: Tegkom en Kontrakteurs om die Kokanje-kombuis se ou toerusting uit te stroop en te herbou/moderniseer – in 'n rekordtyd van 3 maande.
6. Tydens die periode in 5. hierbo word die Tydelike Kombuis (Dopkombuis) opgerig so dat Riaan Roets van Voedkom normaalweg kon voortgaan met die voorbereiding van voedsel vir die hele Kokanje.
7. Die opgradering en modernisering van 450 huise in Kokanje.

En nog vele meer...

Frans, die Kontrakteurs en Verskaffers, asook Anina Sauermann en Sibbie Swart het 'n unieke werksverhouding gehad wat al bogenoemde projekte seepglad laat verloop het. Terwyl hy met hierdie belangrike werk besig was, het Nikki Stratford en die Werkswinkelpersoneel die daaglikse reëlins en herstel-/instandhoudingswerk by al die Inwoners se huise behartig.



Frans se uitgebreide kennis en ondervinding aangaande Infrastrukture en die Bedryf van Kokanje was altyd van onskatbare waarde.

Hy was baie toegewyd aan Kokanje en sy Inwoners – tot so 'n mate dat hy tydens 'n noodlottige brand sy eie lewe in gevaar gestel het toe hy in een van die huise ingestorm het om die Inwoners te probeer red voordat die plafon ineen gestort het.

Saam met die talle suksesse in Frans se loopbaan, was

daar ongelukkig ook baie frustasies – aangesien hy altyd Kokanje-Reëls en Regulasies en die Beleid nougeset toegepas het, het oningeligte Inwoners of kansvatters hom as 'n rigiede of ongenaakbare persoon beskou. Hy het egter geweet dat Kokanje se belange altyd eerste kom en dat die jarelange beproefde *modus operandi* juis vir daardie doel in plek is.

Talle Inwoners het Frans persoonlik hartlik gaan bedank en gegroet voor sy vertrek.

Ons het Frans en sy vrou, Elsa, "Vaarwel" toegeroep, met die Beste Wense vir 'n baie Geseënde en Gelukkige Toekoms wat vir hulle voorlê.

Sien Kleurcollages op bladsy 42 en 43.

Nick Noeth

Anina Sauermann se leuse:

When nothing goes **RIGHT**,
go **LEFT!** 

i wish you
more light than dark
more time than clock
more sweet than bitter
i wish you
more stars than wishes
more coffee than cup
more dreams than sleep
i wish you
more flowers than hands
more books than time
more wonder than know

-gaby comprés



SO MAAK 'N MENS...

Waar word VERGADER- EN FUNKSIELOKALE bespreek?

1. Die **Raadsaal** – by Karen Pienaar.
2. Die **Kokanje-Saal, Lapa en Verkoopslokaal** – by Susan Weber.
3. Die **Rolbalkklubhuis** – by Rodney Robinson (078 148-1242) of Miggie van der Walt (082 820-2121).

Wanneer?

Minstens een week voor die byeenkoms. Indien dit 'n vergadering is wat maandeliks plaasvind, bespreek al die datums aan die begin van die jaar.

Saaluitleg:

Die Kokanje-Saal se uitleg word deur die Werkswinkel gedoen en dus moet daar vroegtydig 'n Werksversoekvormpie ingevul word.

Tafeldoeke word by Susan Weber bespreek.
Tee/koffie/water en koppies/glase ens. word by Riaan Roets en Marlene Cloete bespreek.

🌸 BESTUUR U EIE SELFOON

Wanneer u baie inligting en foto's ontvang, "delete" wat u nie interesseer nie.

Onthou egter:

1. "Delete" Foto's wat in u Fotogallery is en dit beweeg na u "Recently deleted"-vouer.
2. Om heeltemal van foto's ontslae te wees, moet u dus

die "Recently deleted"-vouer ook skoonmaak.

3. Wanneer u terugkyk na iets wat betrekking het op die foto wat ge-"delete" is, sal daar 'n dowwe, vaal kol voorkom, bv. wanneer op die Koop-en-Verkoop-Groep items as "Sold" gemerk word, is die foto nie meer vir u sigbaar nie.)

Aanbeveling: Maak u foto-vouer eers na 'n week of twee skoon, of een keer per maand.



HIERDIE BOERE MAAK 'N PLAN

Voor die eerste van 'n reeks onhebbelik duur tolhekke trek 'n seniorburgeregpaar se motor onder 'n koelteboom in. Daar is ook baie s-draaie en op-en-af-gedeeltes voor. Die man klim uit, loop om sy motor, inspekteer die wiele en loer toe onder die enjinkap in. Hy maak die enjinkap toe, soek na sy selfoon en praat vir 'n hele rukkie met die persoon aan die ander kant. Daarna klim hy terug in die motor en wag vir ongeveer 20 minute voor daar 'n voertuig by hulle stilhou.

Die ander ou toppie klim uit motor nommer 2, gaan gesels vir 'n paar minute met die man

in die eerste motor, gaan haal sy sleepstang uit sy motor en begin die twee motors koppel. Sy vrou het intussen met die ander ou dame gaan praat en die 2 dames klim in voertuig nommer 2.



Die eienaar van voertuig nommer 2 trek stadig weg met die

ander voertuigeienaar agter die wiel van die voertuig wat gesleep word...

Die prosessie vorder stadig maar seker, bult op en bult af, s-draai na s-draai, en hou by al die tolhekke stil. Tot hulle by 'n baie groot dorp se motorhawe stilhou en die sleepstang verwyder word.

"Baie dankie, Piet," sê die gesleepte (of is dit geslepe?) seniorburger vir sy vriend.

"Julle moet lekker vakansie hou! Ons kry mekaar weer oor 3 weke hier en dan is dit my beurt om julle te sleep, petrol te gebruik en die tolgeld te betaal..."



Uit die pen van die ondernemer...

Die lewe is deesdae so gejaagd en daar is nie altyd tyd vir gesels nie.

Gun ons óók vandag om vir jou te sê: "Dit is die klein dingetjies wat ons doen in die lewe wat ons ook net mens maak...soos 'n drukkies hier en glimlag daar.

Soos Thes: 5:11 is dit vir ons 'n voorreg om mekaar gedurig te bemoedig en geestelik te versterk en op te bou.

Ons is elkeen God se handewerk. Hy het ons só geskape dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het kan uitlewe (Efs. 2:10)

Uit dankbaarheid word alle eer aan God gegee!"

From the pen of the undertaker...

Life is so hectic these days and there isn't always time for conversation.

Allow us today to say to you: "It's the little things we do in life that also make us human...like a hug here and a smile there.

Like Thes: 5:11 it is a privilege for us to encourage and spiritually strengthen and build each other up.

We are each God's handiwork. He created us in this way so that we can live out the good works that He has destined for us (Eph. 2:10)

Out of gratitude, all glory is given to God!"

André de Lange (Franchisee)
083 310 8214

Carin de Lange (Franchisee)
083 577 8789

Chandré Olivier (Manager)
073 954 3535

083 310 8214 (24hrs)
engedimartins@gmail.com

OUR OFFICES

Modimolle

101 Nelson Mandela Drive
015 280 0059

Mokopane

121 Ruiters Road
015 491 2014

Polokwane

Unit 1 Casa Mia
23 Rabe Street
015 280 0048





OPGRADERING VAN DIE KOMBUIS EN EETSALE



TYDELIKE KOMBUIS



OPGRADERING VAN DIE KE

FRANS EN NICK NOETH (BK-LID TEGKOM) EN ADRE BERNHARDT (BK-LID VOED-EN SORGKOM) HET SAAM AAN HIERDIE PROJEKTE GEWERK.



TYDELIKE KOMBUIS OMSKEP IN KE SE AFELING F – BK-LEDE HENNIE LACOCK, ALTA VAN DYK EN LIZ HALEWIJN



**HARTLIKE DANK VIR JOU TOEGEWYDE DIENS!
1999 TOT 2023**



**FRANS EN
ELSA WORD
ALLES VAN
DIE HEEL
BESTE TOE-
GEWENS!**





**DANKBETUIGING
AAN FRANS
VAN EFFRINK**



**PERSONEEL-
LEDE, UB'S, BK-
LEDE EN
KONTRAKTEURS
WAT BAIE NOU
SAAM MET
FRANS GEWERK
HET**

Manual & Battery water pumps for our refill bottles

Please place your orders with
Lisa at Kokanje Kiosk - 060 995 8120

R60

Easy to transport and use!



071 361 8073

Cnr. Nelson Mandela/Pretorius Str.
Old ABSA Building, Modimolle

www.oasiswater.co.za

MAAK 'N KEUSE

DONDERDAG, 17 JANUARIE 2023

Ek blaai die bladsy om...
Die keuses lê soos 'n lappies-
kometers voor my uitgestrooi op
hierdie nuwe dag!

Die wêreld is gedompel in duister-
nis en ek is op soek na **LIG**. Ek
maak die keuse sonder stoot of
stamp:

**Bêre al die positiewe juwele
diep in jou hart!**

**Doen goed aan ander deur van
jouself te gee – alleen dit maak
jou ryk –
maar sonder geloof is niks
moontlik nie!**

Die KE skep die moontlikhede
om jou lewe vol te maak. Nêrens
anders kan jy dit vind soos hier
nie – aan elke versoek word be-
sondere aandag geskenk deur
Helpende Hande. Dit is 'n trau-
matiese skuif van jou snoesige
en gesellige huis na 'n verblyf
van 'n ander aard – **maar leef in
erkenning dat jy nou hulp no-
dig het** – alleen met die Genade
van Bo kan jy in die **Volkome Lig**
jou menswees uiteleef en volkome
mens wees!

Maureen Neethling

LOOK!



Look for **Something Positive** in
every day,
even if some days you have to
LOOK A LITTLE HARDER...

AND... MAKE PLANS!

“Make no **LITTLE** plans
They have no magic to stir
Men's blood.

Make **B I G** plans:

**Aim high in HOPE
and WORK!”**

D H Burnham

TRADITIONAL IRISH BLESSING

Author Unknown

I do not wish you a pathway free of troubles,
Nor a life of ease on a bed of roses.
I do not wish that you should never feel pain,
Or endure the bitter pangs of sorrow and regret.
I do not wish you these
for they are not the things that matter.



My wish for you is that you find courage in times of trial
When the skies darken and the outlook is bleak,
When others load their burdens on your shoulders.
And even blame you for their woes.
When all seems darkness,
may you always find the ray of light.

And may all the gifts God gave you grow and flourish
May you always have friends who are worthy of that name.
Who will help in times of need and share your times of joy.
And may you always offer friendship in return.
As you enrich the lives of all you meet.

But this is not all...

One more wish I have for you:

In every moment of every day

May you feel God's love and be inspired.

That is my wish for you and all who are dear to you.

That is my wish for you now, always and forever.

 Listen to the Music and Irish Blessing:
East of the River Shannon.
Spirit of the Celtic Violin – Arlene Faith.



**New Year's wish sent in by
Annette van Dyk.**

**Mag ons almal gedurende 2024
God se Genade in Oorvloed ervaar,
SONDER BEPERKING!**

Spurgeon sê in sy M & E dagboek dat **SOUT** vergelyk kan
word met God se **GENADE** wat Hy vir ons gee sonder
beperking.


Esra 7:22

tot 3.5 ton silwer en 16.5 ton koring en 2200 liter wyn en
2200 liter olie en

SOUT SONDER BEPERKING.

Paula en Gustav Nienaber sê:

”Mooiloop!”



MEER OOR KOOP-EN-VERKOOP

EN HUISONTRUIMINGS OF AFSKAAL VAN ARTIKELS



Dit is 'n Grootse Kenme-
kaar- en Inwonersaksie om On-
derlinge Kommunikasie te bevor-
der.

1. Behoeft: (Bespreek tydens
'n Kommunikasie-Advieskomi-
tee (KOMKOM) vergadering op
11/1/23.) Op daardie dag gestig.
Fanie Pretorius is geraadpleeg
en hy het sommer dadelik die
WhatsApp-Groep ontwerp.

BAIE DANKIE, FANIE!

Dit is 'n Handelsforum waar Ko-
kanje-Inwoners (wat besittings
wil afskaal) en/of hulle kinders
(wat huise moet ontruim) kopers
kan vind wat vir hulle goeie pryse
kan aanbied. (Winkels wat twee-
dehandse goedere verkoop, be-
taal 25% of minder van wat arti-
kels werd is en verkoop dit teen
50% van die waarde. Koop-en-
Verkoop se pryse is 50% of meer
en lede baat dus daarby.)

Sommige persone het hier en
daar leiding nodig om te weet
wat items werd is, maar die oor-
grote meerderheid gebruik self
Google daarvoor.

Verkopers wend verkoopgeld
aan om ander artikels/benodigd-
hede te koop. Kinders gebruik
hierdie inkomste vir hulleself, vir
ouer se begrafnis, hulle reiskoste
na Kokanje of vir heffing van ou-
er/s in die KE.

Tye na Covid-19 het drasties ver-
ander en weens die ekonomie
kan baie min persone dit nog be-
kostig om al hulle waardevolle,
oortollige besittings net so aan
die Hulpfonds se Hoekwinkel te
kan skenk. (Let wel: Items in hui-
se is die eiendom van Inwoners

en die erfposie van die kinders/
kleinkinders.) Hulle is onder geen
verpligting nie en kan kies of hul-
le dit wil hou, verkoop of skenk
aan instansies van hulle keuse.

Persone wat huise moet ontruim,
is oorbluf en weet nie waar om te
begin nie. Wanneer 'n Inwoner
wat diegene wat opruim se ou-
er/s geken het, kom simpatiseer
en hulp aanbied, kan hulle ander
moontlikhede noem waarheen
die huis- en motorhuisinhoud ge-
neem kan word of waar dit van
die hand gesit kan word. As hulle
alles wil wegneem, word Pikkie
Vervoer aanbeveel of, vir kleiner
hoeveelhede besittings, Courier
Guy.

2. Goedkeuring: Die Bestuurs-
komitee is genader en goedkeur-
ing is verleen vir die stig van 'n
Koop-en-Verkoop-WhatsApp-
Groep as Inwoner-inisiatief en
nie onder Kokanje se naam nie.
Koop-en-Verkoop resorteer on-
der Sport-en-Ontspanning en
Dienste en lede stal ook van hul-
le ware uit tydens die Karnaval.
Die Groep se beleid is om die In-
woners van Kokanje voorkeur te
gee om hulle items eerste te ver-
koop en alles geskied eerstens
tot voordeel van Kokanje, sy In-
woners en Personeel. (Sien die
Beleid heel bo-aan, op die Groep
se App.)

3. Lede: Op 26 Maart 2024 was
daar 526 individue op Koop-en-
Verkoop geregistreer – meestal
Kokanje-Inwoners, hulle kinders,
familie en vriende, Kokanje-Inwo-
ners wat stokperdjie-items be-
mark, Kokanje-Personeellede,
KOLLIG-Adverteerders, Kokan-
je-Snoepie, Nutspersone (naald-
werk-, masjien- en klereherstel-
werk, gordyn en blinders vervaar-
dig en herstelwerk aan elektriese
implemente), persone op die
dorp (ook Bosveldsig en Koro
Creek) en Bela-Bela. Daar is dus

lede vanaf die Kaap tot in Zam-
bië.

Funksies van Kokanje-Klubs en
Kerkgroepe in die dorp word ook
geplaas. So ook die Arnika Kers-
mark, asook dinge wat Skole in
die dorp, Residensia- en Ons
Hoop- Ouetehuse kan bystaan/-
ondersteun.

Verkopers van buite Kokanje,
wat in kompetisie is met die
Kokanje-Snoepie, word beperk/
afgekeur. Geen Skoonmaakmid-
dels, Skoonheidsmiddels en
Gesondheidsprodukte word ge-
adverteer nie. Voedsel word nie
geadverteer nie – maar heuning,
neute en mangosnippers wat
deur Inwoners verkoop word,
wel. Kopers van buite Kokanje is
uiters noodsaaklik. Hoe groter
ons bemarkingsarea, hoe beter.
Sommige Kopers hoor van die
Verkoopsgroep by die Hoekwin-
kel, waar hulle gereeld winsko-
pies kom koop.

Besighede van buite Kokanje
word afgekeur of daar word ver-
hoed dat hulle artikels plaas wat
nie tot Kokanje-Inwoners se
voordeel strek nie. Daar word
dadelik aan hulle inligting gestuur
aangaande **KOLLIG** en die Ko-
kanje-TV, waar betaalde adver-
tensies geplaas kan word.

4. Artikels: Van 'n krimpvarkie
tot karavane. Pryse wissel en
indien die artikels nie verkoop
word nie, word pryse verlaag.
Sommige items verkoop eers by
die derde plasing.

**5. Metode: Voetstootse tran-
saksies en geen kommissie is
betaalbaar nie.** Dit is dus 'n
GRATIS liefdesdiens om ALLE
LEDE te bevoordeel.

(Ter inligting: Henriëtte O'Reilly
van buite Kokanje het altyd 20%
kommissie gevra.)



Advertensies: Tyd word bespaar deur WhatsApp-boodskappe te stuur. Persone reageer in hulle eie tyd.

Verkopers tik eie "smalls"-advertensie, bereken prys, neem foto en stuur dit in. Persone wat items benodig, doen dieselfde.

Koper en Verkoper word so deur die Groep aan mekaar voorgestel, reël self tyd vir besigtiging, onderhandel met mekaar en sluit die transaksies onderling.

Kontant of EFT-betalings word gedoen en eers as geld in die hand of in die bank is, verlaat die artikel die Verkoper se perseel.

'n Brief, as bewys van verkope, moet aan die Koper gegee word om aan die Kokanje-Sekuriteit te oorhandig wanneer artikels Kokanje verlaat.

6. Kanalisering van skenkings – items bly hoofsaaklik binne Kokanje:

Ons ondersteun –

(a) **Naaldwerkklub:** Materiaal, wol, knope en garing. Naaldwerkmasjiene/-kaste word namens die eienaar verkoop.

(b) **Hoekwinkel:** Klere, motorhuis en huisinhoud. Ons lewer items daar af of dit word deur hulle gehaal.

Elsa van Wyk van die Hoekwinkel (HW) prys en plaas duurder items op Koop-en-Verkoop.

(c) **Damesklub:** Blompotte, going of ander materiaal vir tafel- of verhoogversierings; ornamente of items wat as pryse gebruik word.

(d) **Taphuis, Rolbalkklub se klubhuis en Kokanje-Kombuis:**

Glase, ysemmertjies, "jugs", bierbikers, bottelloopmakers, ens.

(e) **KOLLIG-tydskrifte** – vir hergebruik/bemarking deur KOM-REK. (Rita Noeth, Anina Sauermann en Wilmarie Leite.)

(f) **Biblioteek:** Storieboeke. Saartjie Smit neem bruikbare boeke in en oortollige boeke word tydens die Karnaval verkoop vir

fondse. Ander word afgelewer by (g) hieronder.

(g) **Ou Poskantoor Boekuitruil-fasiliteit:** Storieboeke, alle ander boeke en tydskrifte vir gratis hergebruik deur Kokanje-Inwoners.

(h) **Ooghospitaal** op die dorp: Ou brille en brilhuisies. (Elsa van Wyk.)

(l) **Gehoorstukkies:** In kartondosie by Susan Weber, Ontvangs. Mag geneem word deur Inwoners wat dit kan gebruik.

(i) **ABBA en alle ander klubs:** Ornamente, skilderytjies en items wat as pryse of aan sprekers uitgedeel kan word.

(j) **Tuinbouklub en tuiniers** in Kokanje: Leë potte, plante en potte met plante.

(k) **Versorgingseenheid (KE):** Medisyne voor vervaldatum, seep, room, kniekomersies, boekrakke, rolstoele, loopraampies ens. Medisyne wat verval het, word na Apteke geneem om te vernietig.

(m) **Motordiensklub:** Enige items wat by diensput gebruik kan word. (Johan du Plessis.)

(n) Rina Booyens se nuwe **CD-Storiegroep** vir Swaksiendes verkry CD-spelers en CD's.

(o) **KE Demensiestimulasiegroep** verkry eenvoudige legkaarte ens.

(p) **Kultuurkomitee:** Bettie Botha ontvang klere, hoede ens. wat vir konserte gebruik kan word.

7. Positiewe nuus en geselskap:

I.p.v. negatiewe skinderstories, het die stoepstories verander na: "Kyk watter winskopie het ek op die Koop-en-Verkoop-Groep raakgeloop, jy behoort ook aan te sluit!" of "Kyk hoeveel geld het ek gemaak en my kinders gaan nie so sukkel om ons huis 'eendag' te ontruim nie – die huis en motorhuis is netjies en agter mekaar!"

Mense wat voorheen soms veensaam en sonder geselskap was, het deel van die Groep geword en is ingeskakel by die gemeenskap. Verkopers en Kopers leer mekaar ken – daar is nou 'n

voorheen ongekende beweging deur Kokanje en Modimolle en mense lê besoek af om ware te besigtig en te koop.

8. Hou by d.m.v. nuwe tegnologie:

Die voorheen "tegnologies gestremdes" het die lessies in **KOLLIG** begin uitprobeer en met die hulp van ander Inwoners is hulle "on the ball" en wikkels die vingers om advertensies te tik en foto's te neem. Die brein werk oortyd om pryse op Google vas te stel. Dan het hulle ook leer kibbel oor pryse of vasgestaan en hulle pryse gekry.

KLOP USELF OP DIE SKOUER!

9. Bemarking: Deur aan lede van buite Kokanje bekendgestel te word en hulle na Kokanje te nooi, het 'n band met die Dorp se mense en besighede verstewig. Ons Aftreeoord kan by voornemende Inwoners aanbeveel word as 'n plek waar aktiewe senior burgers woon, wat tot voordeel van hulleself en die gemeenskap leef en werk.

Wanneer Anina Sauermann (Bemarkingsbestuurder van Kokanje) spesiale aanbiedings adverteer, word hierdie advertensies ook op die Koop-en-Verkoop-Groep geplaas sodat al die lede landswyd daarvan bewus is.


10. Tye: Deur die week en Saterdag – 06:00 tot 18:00. (Soms later.) Nie op Sondag en Christelike Vakansiedae nie.

Ons is almal uiters dankbaar, verbaas en verstom oor die voordeel en groei van **ONS EIE KOOP-EN-VERKOOP-WHATS-APP-GROEP.**

BAIE DANKIE VIR ELKEEN SE SAMEWERKING!

ONS HEMELSE VADER KRY AL DIE EER!

Rita Noeth, Ricky Durand en Elsa van Wyk van die Hoekwinkel.



PJ MOTORS

AUTO SERVICE & REPAIRS

*Petrol & Diesel Vehicles and Trucks

*Engine Installations | Petrol & Diesel

*Vehicle Diagnostics

Fault Finding & Repair

Tel: 014 718 4004/3

Cell: 082 928 1088

Cell 2: 074 248 3601

Email: info@pjmotors.co.za

P.O Box 3525 | Lilian Ngoyi Str
Modimolle 0510

KOOP-EN-VERKOOP-STAALTJIES – “JUMPING JACKS AND JUMPING TO CONCLUSIONS”

Daar word beweer dat sommige senior burgers baie oefening kry, sonder dat hulle eers lid van ons Gimtrimklub is! Hulle doen soms dinge sonder om al die feite in ag te neem, m.a.w. “they jump to conclusions”, maar met verrassende gevolge!

Koper nommer 1:

Daar was die mooiste tafeldoeke en plekmatjies te koop. Die opgewonde Koper spring gou op en nael sommer dadelik straat-op. By die “Verkoper” se huis aangekom word sy hartlik verwelkom, maar verneem tot haar teleurstelling dat daardie persoon glad nie haar tafeldoeke en plekmatjies wil verkoop nie. Nou hoe dan?

Sonder om te skakel het die Koper by die verkeerde Bets se huis opgedaag!

Koper nommer 2:

Nadat hy geskakel het oor die klitser en die Verkoper se huisnommer verneem het, ry hy gou-gou daarheen.

Die deurklokkie word ’n paar maal gedruk en uiteindelik hoor hy: “Ek is nou daar!”

Die persoon, nog in nagklere, maak die deur oop en verwelkom die besoeker met ’n breë glimlag. “Ek is jammer dat ek so lank geneem het, maar ek was olik en in die bed en het niemand verwag nie.”

Die Koper is verbaas en vra of dit nommer so-en-so is, net om te verneem dat hy die verkeerde huis besoek. Hy maak sonder ophou verskoning, maar hy word egter verseker dat hierdie besoek baie welkom is.

By die regte adres is daar weer ’n hartlike ontvangs en die transaksie word beklink.

Koper nommer 3:

Hierdie persoon noem die Koop-en-Verkoop-Groep sommer

“KOOP EN GENIET!”



BAIE GELUK! WELGEDAAN!



Fantasy Shapes.



Philip Kotzé,
Kobus Conradie,
Johan Greyling,
Pieter Matthyser en
Venter vd
Westhuizen.

PHOTOGRAPHY

NATIONAL & REGIONAL AWARDS 2024 –
February 6, 2024 –
COUNTRY WINNER ANNOUNCED

The World Photography Organisation and Sony Middle East and Africa are delighted to reveal **Lourens Durand** as South Africa's National Award winner for the Sony World Photography Awards 2024. Herewith his photograph **Fantasy Shapes**, entered into the Creative category of the Open competition.

Commenting on his win, Durand said: “I’m absolutely thrilled to be named the winner and represent South Africa! This is an opportunity of a lifetime and I hope to have inspired current and upcoming photographers who have the same dream”.



JUKSKEI

Die Kokanje-Jukskeiklub was die algehele kompetisiewenner met 39 punte. Die kompetisie is gehou by Die Oog Aftreelandgoed op 16 Maart 2024.

VROEGTYDIGE VOORUITBEPLANNING OM TRAUMA TE VERMINDER WANNEER 'N GELIEFDE TE STERWE KOM

(Herhaling van
artikel uit **KOLLIG**
van September
2018.)

Bo en behalwe die hartseer en verlies van 'n geliefde, is daar ongelukkig harde realiteite wat hanteer moet word vir boedelbereddering, asook vir die langsliewende t.o.v. voortgesette pensioen, medies, 'n nuwe bankrekening, ensovoorts.

Hierdie lastige, maar wetlik-administratiewe funksies wat nodig is, kan in 'n baie groot mate versag word as daar reeds voortydig 'n "boedellêer" saamgestel word.

Dokumentasie vir so 'n "boedellêer" is die volgende:

1. Laaste ondertekende, oorspronklike testament, en/of "Living Will".
2. ID dokument van persoon/persone.
3. Na die afsterwe van persoon/persone in 2 hierbo, word die Doodsertifikaat/sertifikaat hier ingevoeg.
4. Huweliksertifikaat.
5. Huwelikskontrak (indien van toepassing).
6. Naam en sterftedatum van enige vooroorlede gade (indien van toepassing).
7. Egskeidingsbevel en skikkingsakte (indien van toepassing).
8. Afskrifte van Identiteitsdokumente van alle erfgename.
9. Afskrifte van huweliksertifikate van alle erfgename.
10. Naam en adres van werkgever van die persoon/persone in 2. hierbo (indien van toepassing).
11. Pensioennommer, naam en adres van pensioenfonds.
12. Lidnommer, naam en adres van mediese fonds.

13. Inkomstebelastingsverwysingsnommer en kantoor waar geregistreer.
14. BTW-registrasienommer (indien van toepassing).
15. Transportakte van eiendom of besonderhede waar verkry kan word.
16. Huurkontrak.
17. Vuurwapenlisensies.
18. Motorvoertuigregistrasiesertifikaat.
19. Aandeelsertifikate indien in jou besit of die naam en kontakinligting van jou makelaar met jou rekening nommer.
20. Effektesertifikate. Indien in jou besit of die naam en kontakinligting van jou makelaar met jou rekening nommer.
21. Sertifikaat van enige deelnemingsverbandbeleggings.
22. Vaste depositosertifikate indien in jou besit of die naam en kontakinligting van jou Bank.
23. Ander beleggingsertifikaat.
24. Spaarboekies.
25. Verbandaktes.
26. Skuldbewyse.
27. Krediet- en bankkaarte.
28. Lewensversekeringspolis.
29. Korttermynversekeringspolis.
30. Besonderhede van veilige bewaringspakette by banke.
31. Vennootskaps-, koop- en verkoopoooreenkomste en jongste finansiële state t.o.v. enige besigheid wat bedryf word.
32. Enige koopkontrakte waarin persoon/persone in 2. hierbo belang het.
33. Alle rekeninge deur die persoon/persone in 2. hierbo verskuldig.
34. Name en geboortedatums van lewende ouers.

35. Geboortedorp van persoon/persone in 2. hierbo. Van alles kan afskrifte geberg word, wat gewaarmerk moet word, wanneer persoon/persone in 2. hierbo te sterwe kom.

36. Wagwoorde en "log in" kodes vir al u selfone, Facebook, rekenaars en Pin-nommers vir bankkaarte en kluiise. Bewaar hierdie lêer veilig en maak seker dat u naasbestaendes weet waar dit gevind kan word.

Indien enige dokumentasie inge"scan" is en/of op u rekenaar gestoor is, maak ook 'n nota van die spesifieke plek waar dit gevind kan word met die toegangskode vir u rekenaar.

37. Daarna: Indien u 'n lid is van 'n Pensioenfonds, is daar 'n reeks vorms wat ook voltooi moet word. (I.v.m. gadepensioen en langsliewende se aansoek om op mediese fonds aan te bly.)

Kopieë hiervan is elektronies vanaf hulle kantore verkrygbaar.

Hierdie omvattende artikel is spesiaal saamgestel in 2018 deur Wyle BK-lid **Corn Booyens** (voorheen van 73A) en nou bygewerk deur die BK en Redaksie.





**BK-LID
WILLIE SWANEPOEL
EN
RAASBLAARSTRAAT-
INWONERS GENIET
HULLE BLOKBRAAI!**



**KOKANJE SE
SPESIALE
KERSETE OP
KERSDAG
2023**

Die Farrells, die
Humans en hulle
flukse helpers
word bedank,
asook elkeen vir
die heerlike
geregte!



**N
J
A
M
M
I
E
S
!**



JACQUES DE BEER

DE BEER SOLAR EN ELEKTRIES PTY/LTD



065 624 6819

GOEDGEKEURDE KONTRAKTEUR IN KOKANJE

- 5 kW Deye Inverter
- 5.32 kWh Deye Battery
- 6 x 545W Canadian Panele
- AVP Elektriese Oplewing Beskerming
- 10 JAAR Waarborg op Battery en INVERTER

VOER KRAG TERUG IN DIE GRID

R92 173.91 excl. vat



- 5 kW Growatt Inverter
- 5 kWh Salvare Battery
- 6 x 545W Canadian Panele
- AVP Elektriese Oplewing Beskerming
- 10 Jaar battery en 3 jaar Inverter Waarborg

VOER NIE KRAG TERUG NIE

R69 130.43 excl. vat

Paasfees
Winskooop
tot 30 April 24



As per standard installation else T's and C's apply.



Contact:
Brandon:
☎ 079 686 1863
✉ brandonleegeyser@gmail.com

Ockert:
☎ 082 324 9312 (Whatsapp only)
✉ geyseroockert1965@gmail.com



We specialise in refurbishment on any type of:

* Golfcarts / * Motorcycles / * Vehicles & Trailers



R65 500,00



R75 000,00



R96 000,00



R118 000,00



R155 000,00

GOLFCARTS – SERVICES OFFERED

ACCESSORIES (As per your need)

- Tyres & Mags; Windscreens,
- Light units, Sound System,
- USB charging units, LED bars,
- Storage covers,
- golf bag attachments,
- Side & rear-view mirrors,
- Ball washers, sand bottles & cool box kits,
- Battery level indicators,
- Lift kits and 4 seaters kits.

SERVICES ON GOLFCARTS

- ❖ Supply & install batteries
- ❖ Major Refurbishment
- ❖ Major / Minor engine service
- ❖ Top Class upholstery
- ❖ Respray
- ❖ Body repairs, rust treatments
- ❖ Golfcart collection & delivery service

SERVICES ON TRAILERS

- ❑ Total rebuilt and respray
- ❑ Services (wheel bearing & axels)
- ❑ Assistance with roadworthy documentation

MEELEWING



Hester Botes
14 Jul '32 tot 6 Des '23



Marietjie Beyleveld
24 Des '55 tot 6 Des '23



Irene Vorster
6 Okt '42 tot 8 Des '23



Johan v d Merwe
6 Des '39 tot 17 Des '23



Gielie Combrinck
30 Apr '45 tot 22 Des '23



Kotie Greeff
31 Aug '29 tot 25 Des '23



Marie v Deventer
19 Aug '32 tot 25 Des '23



Johan Randles
17 Jun '44 tot 12 Jan '24



Chris Coetzee
22 Nov '33 tot 30 Jan '24



Julia Nel
6 Jul '33 tot 1 Feb '24



Miranda Marx
23 Mei '47 tot 3 Feb '24



Athol Jennings
9 Nov '30 tot 10 Feb '24



Jakkie van Dyk
18 Mei '40 tot 18 Feb '24



Jeanna Ferreira
23 Des '23 tot 14 Mrt '24

Hierdie dierbare Vriende van ons
het Kokanje help uitbou
en hulle het ons Lewens verryk.

Hulle Familie en Vriende
word hiermee
alles van die beste toegewens
en dat hulle mettertyd
 vertroosting en berusting sal vind.

Terwyl ons treur oor die verlies van 'n geliefde
verheug ander hulle oor
die ontmoeting aan die ander kant.



HULDEBLYK AAN JAKKIE VAN DYK

Toe ons in 2005 hier ingetrek het, was Jakkie van Dyk Voorsitter van die destydse PSA Groepkomitee van Kokanje vir Afgetrede Staatsamptenare. In sy termyn het hy die naam van die PSA Groepkomitee van Kokanje verander na die PSA Groepkomitee Waterberg vir alle Afgetrede Staatsamptenare in die Gebied.

Op 5 Mei 2016 het 'n afvaardiging van die Groeptak die Groepkomitee besoek. Die Komitee is toe meegedeel dat die Groepkomitee voortaan as die Streekkomitee Waterberg vir Geassosieerde Lede, Staatsdiens Pensioentrekke bekend sal wees.

Wyle Jakkie het met ywer die naasbestaandes van afgestorwe staatsamptenare bygestaan met die verkryging van pensioenvoordele, mediese fondsvoordele en later ook begrafnisvoordele. Hy het ook ywerig nuwe lede vir die tak gewerf.

Ten spyte van moeilike omstandighede het hy voortgegaan met sy taak. lewers in 2022 is hy met Sjorg se sindroom gediagnoseer. Vroeg in 2023 het sy gesondheid skielik baie verswak

en het hy op 22 Junie 2023 as Voorsitter uitgetree en is deur Dawie du Preez opgevolg.

Alhoewel sy gesondheid nog verder verswak het, is almal deur sy skielike afsterwe verras.

Ons eer jou nagedagtenis, Jakkie!

Johan Els
Streekkomitee Sekretaris

Jakkie, Dawie en Johan.



SO SAL EK JOHAN ONTHOU...



Innige simpatie aan Ina Randles, familie en vriende met die afsterwe van julle geliefde Johan.

Ina het elke dag vir ure by haar man, Johan, in die Versorgingseenheid kom sit en gesels. Wanneer Johan haar sien instap het, het sy gesig gestraal en het hy gesê:

"Hier is my meisie!"

Op goeie dae het Johan en Ina buite in die tuin rondgestap. Hy was so lief vir die voëls en Ina het vir hulle saadjies gestrooi sodat Johan en almal in die eetkamer ook kon sien wanneer hulle kom eet. **Sy doen dit steeds vir ons!**

Ina het daagliks vir Johan vrugte gebring en ook 'n bakkie vir my. Ek kry nog steeds my deel! **Baie dankie!**

Al die Versorgers was só bly toe Johan en Ina vir ons afdeling 'n mikrogolfoond geskenk het. **Baie dankie, Ina, vir julle omgee!** Dit word baie waardeer. Liefde, **Lenie Lubbe.**

DIE KOLLIG-REDAKSIE NEEM MET 'N SWAAR HART AFSKEID VAN JULIA NEL



Julia Nel was baie talentvol en 'n staatsmaker. Daar het altyd van haar baie gepaste en opbeurende gedigte in die **KOLLIG**-Tydskrifte verskyn.

Hierdie vriendelike en geliefde vriendin en buurvrou was altyd in die gemeenskap betrokke.

Gedurende die afgelope paar jaar het haar gesondheid drasties verswak en haar bure het met liefde en empatie handjie bygesit om haar op te beur en haar lewe te vergemaklik.

Ons gaan haar geweldig baie mis!

Rita Noeth



Country Shop & Tea Garden

Homemade Cakes, Pies & Ginger Beer
Functions and Platters
Local Arts and Crafts

SEE YOU SOON!

WhatsApp Cindy - 072 341 6117
Monday - Sunday: 08:00 - 17:00
Licensed.



ESKOM = EXPENSIVE SOLAR POWER = SAVINGS!

Start saving today with this **Solar Special**

- Included:
- 5KW Deye **Hybrid Inverter**
 - 5KW Shoto **Lithium Battery**
 - 6 x 550W JA **Solar panels**

WAS
~~R92,000~~

NOW ONLY
R89,999 incl.

Finance options
Available

Hammies | 082 487 3509
hammies@ecorenergy.co.za

Harkem | 066 234 9593
harkem@ecorenergy.co.za



Matthysen
a u d i o l o g y

Modimolle - Bela-Bela - Mookgophong

GEHOORVERLIES
affekteer nie net ons
kommunikasie nie,
maar ook ons
lewenskwaliteit en
gesondheid.

Hou jou ore fiks. Kies 'n gelukkige, gesonde lewe!
Ons kan jou help... 014 717 1139

**Kom besoek ons gevestigde
praktyk in Kokanje by Dr. Breedts, vir
persoonlike en professionele diens.**

- ▶ **Herstel & Dienste**
- ▶ **Gehoorbekermers**
- ▶ **Wasverwydering**
- ▶ **Gehooraapparaatpassings**
- ▶ **Ondersteunende luistertoestelle**
- ▶ **Gehoortoetse**
- ▶ **Verstellings**
- ▶ **Batterye**

Skeduleer u afspraak by 014 717 1139

PLUIMPIES EN DANKIES

SO BAIE DANKIE VIR DIE GROOT BEDERF OP VALENTYNSDAG!

Groot was die verrassing om net na 09:00 hartlik begroet te word deur 5 vriendelike dames van die Naaldwerkkklub. Hulle was pragtig in rooi getooi.

Elke Inwoner van die Versorgingseenheid het 'n geskenksakkie ontvang met 5 verskillende soorte "chippies", "nik naks" en soutbeskuitjies!

Ons kry oorgenoeg heerlike voedsame kos van Riaan Roets en sy Personeel, maar 'n ou lekker "stoute" soutpeuseldingetjie is mos maar iets wat 'n bejaarde se dag ekstra spesiaal maak!

Dus, as daar 'n geritsel in die kamers is; dis nie muis nie, maar net ons wat middag- of middernagfees hou!

Lenie Lubbe



NOG 'N DANKIE...

Baie dankie aan die Bestuurskomitee vir die betuiging van meegevoel aan my en die kinders met die afsterwe van Chris.



Groot dank ook aan die familie en vriende! Sonder julle ondersteuning sou alles baie moeiliker gewees het.

Liefde aan almal.

Lettie Coetzee en familie.



BAIE DANKIE!

Graag bedank ons dr. CAS Breedts en sy Personeel vir die 19 jaar se goeie en getroue diens. Nag of dag, dokter was altyd beskikbaar. Dankie ook vir daardie laaste Saterdagmiddag! **Ons waardeer dit baie!**



Die Versorgingseenheid se Personeel wat altyd bereid was om te help om Johan van die huis na die spreekkamer te kry en weer terug. Dankie ook vir die diens in Afdeling F en die nag se hulp en gewaardeerde meelewing. Sonder

julle sou dit baie moeilik gewees het. **Baie dankie!**

Status Begrafnisdienste wat alles so flink en met eerbied hanteer het. Ook jul vinnige diens in 'n week voor Kersfees. Dankie Hester en jou span, julle het deurentyd uiters professioneel opgetree. **Ons het groot waardering!**

Venter en Marinda van der Westhuizen wat altyd daar is vir hulp en ondersteuning. Julle is sterre. **Baie dankie!**

My kinders, skoon- en kleinkinders wat so vinnig hul kon, hier was om hulp met alles te verleen. Al die administrasie en hulp met gas-te. Ek is 'n begenadigde ma om julle te hê.

Al die oproepe, boodskappe van oraloer en besoeke van vriende en familie. Al die eetgoed wat aangedra is. Dit word baie waardeer. Dit is mense soos julle wat 'n mens deur alles staande hou.

Die Personeel van Kokanje vir hul hulp. Susan Weber by die Poskantoor wat altyd die ekstra myl sal loop. **Baie dankie!**

En laastens, maar beslis nie die minste nie, ons dank aan ons Hemelse Vader vir al Sy liefde en genade – vir 58 jaar saam met Johan.



Ons is meer geseën as wat ons ooit verdien.
Loof die Here!

Nogmaals dankie aan almal!

Kotie vd Merwe

SATELLITE CONNECTION

Supply - Repair - Installation
All Audio | Video & DSTV Systems

www.satelliteconnection.co.za 014 717 1551 / 082 494 3132



PRETORIA OOGINSTITUUT
PRETORIA EYE INSTITUTE

Dr Johann Grobbelaar
Oogspesialis / Eye specialist

Nylstroom besoeke elke 2e week
by Dr M Veldman se kamers

Afsprake: 012-3438333 / 5
Adres: Thabo Mbeki rylaan nr.39

'N KOM EN 'N GAAN...

In ligter luim word soms gesê: "Ons het mos hierheen (na Kokanje) gekom om hier dood te gaan". Of word dit dalk ernstig bedoel?

Vir die meeste van ons as Inwoners is dit egter 'n werklikheid. Maar tussen **die kom en die gaan** is daar 'n hele aantal jare wat voluit geleef moet word.


Vir my wederhelfte, **Gielie Combrink**, was dit 9 wonderlike jare – ten spyte van sy gesondheidsprobleme die laaste paar jaar. Dus kan ek nie nalaat om namens hom my dank te betuig vir dit wat Kokanje aan hom gebied en vir hom beteken het nie. Hierdie stukkie Bosveld was vir hom net 'n genieting. Baie dankie aan al die Inwoners wat hom geken het en 'n bydrae tot sy gelukkige jare gelever het.

As Inwoners van Kokanje, kom ons gaan voort om 'n bydrae te lewer aan mekaar. Om aan mekaar geluk en ook sinvolle geborgenheid te bied!

Net om namens hom dankie te sê!

Petro Combrink

Wyle Gielie en Petro.



THIS POEM IS WRITTEN SO BEAUTIFULLY

U AND I

How can you "SM-LE" without "I"
How can you be "F-NE" without "I"
How can you "W-SH" without "I"
How can you be "N-CE" without "I"
How can you be a "FAM-LY"
or a "RELAT-VE" without "I"
How can you be a "FR-END"
without "I".

So "I" am very important!

But how can I achieve "S-CCESS"
without "U"?
How can I "LA-GH" without "U"?
How can I take a "C_P" of tea
without "U"?
How can I enjoy the "S-NSHINE"
without "U"?
How can I have "F_N" without "U"?

And that makes "U" just as important as "I"!

Therefore humans **U** and **I** = **WE**
need one another in life to be happy,
work together and achieve greater
things. Let us propagate positivity
and shun negativity.

We are ONE!

Sent in by **Annie Lubbe**.



Bladsy geborg deur **Lonka Bergsma**. Baie dankie, Redaksie.

1. WAT? Die Kokanje-Hulpfonds is 'n nie-winsgewende organisasie wat in 2014 deur 'n aantal vrywilligers (Inwoners) gestig is. Die Hulpfonds is gestig om Mede-Inwoners, wat finansiële hulpbehoewend geraak het en nie meer in staat was om hulle heffings te betaal nie, en dus die gevaar geloop het om Kokanje te moes verlaat, finansiële by te staan deur die heffings te subsidieer. Hierdie Fonds word steeds in 2024 bedryf, word deur 'n Bestuurskomitee geadministreer en lewer jaarliks aan 'n Algemene Jaarvergadering verslag van hulle werksaamhede.

2. Waar? Die Fonds word **deur** Inwoners van Kokanje **ten bate van** die Inwoners van Kokanje **slegs binne Kokanje** bedryf.

3. Waarom? Wat is die **doel** van hierdie Fonds? Die doel van hierdie Fonds is om Inwoners wat as gevolg van omstandighede (siekte, ouderdom en die dood van geliefdes) finansiële hulpbehoewend raak, finansiële te help om hulle verpligtinge t.o.v. die Kokanje-Heffing na te kom. Hierdie bystand is eerstens gegrond op Christelik-etiese gronde en tweedens op die feit dat ons in Kokanje 'n gemeenskap is wat vir mekaar as gemeenskapslede verantwoordelik is.

4. Hoe? Hoe word bepaal wanneer iemand hulp benodig? 'n Inwoner in nood se situasie word op 3 maniere onder die aandag van die Bestuur gebring. Die persoon kan self aanmeld en aansoek doen om bystand óf kinders óf vriende van die Inwoner kan namens die persoon aansoek doen óf die spesifieke geval kan deur Kokanje se Maatskaplike Werker, Hen-

riëtte Els, onder die aandag van die Bestuur gebring word. Wanneer die Bestuur van so 'n Inwoner se situasie bewus word, gaan 'n lid van die Keuringspaneel en doen 'n volledige ondersoek waarna 'n aanbeveling aan die Bestuur gedoen word en 'n besluit geneem word. Belangrik om te weet dat hierdie proses anoniem geskied en dat die Inwoner se situasie met die grootste omsigtigheid behandel word.

5. Fondswerwing. Fondse van die Hulpfonds word op die volgende maniere verkry:

5.1. Deur **verkope** in die Hoekwinkel van **klere en goedere** wat deur Inwoners of hulle erfgename aan die Hoekwinkel geskenk word. Die fondse wat op hierdie wyse verkry word, maak deur die jare die grootste gedeelte van die Hulpfonds se operasionele fondse uit.

Besigheidsure:
Dinsdag- en Vrydagoggende
vanaf 09:00 tot 11:00.

5.2. **Vrywillige maandelikse kontantbydraes, nalatingskappe of skenkings** deur Inwoners of hulle familie of deur Kokanje-Klubs, soos die Taphuis of Naaldwerkklub.

5.3. **Verkope** van geadverteerde goedere.

5.4. **Rente op die Spaarrekening** wat deur die jare opgebou is.



KOKANJE HULPFONDS BYDRAE VIR KOKANJE HULPFONDS:

Handig vorm
in by
Susan Weber.

Hiermee gee ek van woning

toestemming dat KOKANJE-AFTREEOORD maandeliks R.....

(.....) by my heffing, tot krediet van die Kokanje Hulpfonds, mag voeg.

Hierdie opdrag bly van krag totdat dit skriftelik gekanselleer word.

Geteken:

Getuie: Datum:

**VOEDKOM
BEDERF KOKANJE-
INWONERS
WEEREENS OP
VALENTYNSDAG**



BAIE DANKIE!




HunkyDory EER *generasies*

Kom maak n draai by
Hunkydory - die plek
waar **almal** tuis is!



117 Nelson Mandela str.
Nylstroom
Ursula | 083 490 8598



CLEARWATER

PURIFIED DRINKING WATER

RO² WATER RO² ICE



RO² ICE

2,2kg R15,00

3,3kg R20,00



R1

per refill



Total Hardness = 0.00

FLUORIDE - FREE

CLEARWATER
Branded
BOTTLES

072 409 4533

TRADING HOURS:

MON TO FRI	08:00 - 17:30
SAT	08:00 - 13:00
PUBLIC HOLIDAYS	08:00 - 13:00
SUN	CLOSED

Refill of all clean water containers and camping trailers
36 Friedberg Street Modimolle

TDS
15

STUDIO H

THE ART OF HAIR DESIGN
UNISEX SALON

Herman Niewenhuis

Kerkstraat 105, Modimolle

Sel: 061 354-0459

GROETE VAN ORALOOR!

EX-KOKANJE-INWONERS, WAT NOU ELDERS WOON,
HET NUUS GESTUUR...

1. VRIENDSKAPSPROJEK

HERTA BARNARD
GESELS 'N BIETJIE:

Liewe Kokanje-vriendinne en -vriende.

Dis nou al 3 jaar gelede dat ons vanaf Kokanje na George verhuis het – nader aan kinders.

Dit is 'n ANDER lewe, beslis – ons is gelukkig hier. Ek wil sê dis 'n mooi wêreld, maar eers hier het ek besef hoe die Bosveld op my gegroei het.

In alle eerlikheid, ek mis die daaglikse interaksie met Kokanje-vriende en -kennisse wat so lank deel van ons lewe was.

Die rede waarom ek die bydrae stuur is:

My vriendin, Rita Noeth, het die volgende video vir my gestuur. Dit het my diep laat dink en verlang. Veral die sin:

“FRIENDS ARE FLOWERS IN THE GARDEN OF LIFE”.

FRIENDSHIP

Happiness is:
Meeting an old friend
after a long time
and feeling like nothing has
changed.

People don't always need
advice.
Sometimes all they need is a
hand to hold, an ear to listen
and a heart to understand
them.

Friends are present in our
lives to hold the light for us
when ours is dimmed.
A real friend is someone who
sees the pain in your eyes
while everyone else still
believes the smile on your
face.

**Friends are flowers in the
garden of life.**

A best friend
is someone who loves you
when you forget to love
yourself.
The only way to have a friend
is to be one. (Ralph Waldo
Emerson.)



(Do yourselves a favour and
listen to this lovely, haunting
music on

**Google/Facebook Video:
Lilhearttoons Friendship.)**

DAARUIT HET MY NUWE
KLEIN PROJEK ONTSTAAN:
Ek het 'n mooi foto van elkeen
van my vriendinne aangevra
en elkeen ook gevra wat haar
gunsteling blom is. Daarna het
ek 'n collage van elkeen en
haar blom gemaak.

Toe soek ek die simboliek van
die blomme op Google en dit
is tog verbasend hoe gepas
dit meestal was.

Die projek het uitgekring na
dogters, skoondogters en
kleindogters... Selfs familie en
vriende wat reeds oorlede is.

Hier is die gedig van D.J. Opperman ook van pas:

"My nooi is in 'n nartjie
My Ouma in kaneel
Daar's iemand in anys
Daar's 'n vrou in elke geur!"

Ek beoog om 'n album te laat
druk en een in elektroniese
formaat te behou.

2. LEONIE POSTMA STUUR GROETE UIT MEYERTON

Leonie is al 'n jaar in haar pragtige nuwe "nessie" en het Kokanje, haar bure, vriende en die Bosveld steeds in haar hart.

Sy het heeltemal herstel en kragte opgebou na haar heupvervanging voor haar vertrek na Meyerton. Haar Hemelse Vader het gesorg vir stilte, heling en vervullende geloof.

Leonie en haar dogter, Marthie, was van die eerste persone wat van die Koop-en-Verkoop-Groep gebruik gemaak het om haar oortollige meubels en ander items van die hand te sit. Sy is baie bly om te verneem van die sukses en geseënde werksaamhede waarop voortgebou word.

Hartlike groete van Leonie!



**Herta
en
Bain
Barnard**

GROETE VAN ORALOOR!

Vervolg.

EX-KOKANJE-INWONERS, WAT NOU ELDERS WOON,
HET NUUS EN GROETE GESTUUR...

3. DIRK BOTHA

Dirk het vanaf Heidelberg laat weet dat sy blyplek nou mooi ingerig is, met sy dogter en familie se hulp, en dat hy lekker by sy kinders bly.

Hy verlang dikwels terug na sy bure en vriende in Kokanje, die mooi bome en die bokkies wat altyd op sy gras kom wei het.

Dirk stuur groete aan almal!



4. SUSAN DELPORT

Dit gaan nog goed met my, dankie!

Die oumenspyne, nukke en grille pla so nou en dan. Maar, dan skud ek dit so 'n bietjie rond en dit gaan weer beter.

Beurtkrag pla my darem nie te veel nie – ek het gelukkig die draagbare suurstofmasjien wat ek in my motor kan inprop.

Ek mis julle baie! Voel soms ingehok – hier is mos nie lekker stapplek in die natuur nie.

Groete daar!

5. TIENIE HOMAN

Ek en my oorlede man, Jan, was bevoorreg om vir 22 jaar gelukkig en vreedsaam in Kokanje te kon woon. Ons het baie vriende gemaak, aan aktiwiteite, kerkbasaars en vele ander aangename dinge deelgeneem – ONS GOUE JARE!


Maar, die tyd het aangebreek dat ek moes aanbeweeg, nader aan my kinders...

Rita Noeth en Elsa van Wyk het my bygestaan en gehelp om jare se goedjies op te pak en almal in Kokanje te groet. Julle hulp word opreg waardeer – ek kan hierdie dames van Koop-en-Verkoop met vrymoedigheid aanbeveel wanneer dit by afskaal of huisontruiming kom!

Groete aan al die Kokanje-Inwoners en my spesiale Vriende. Groot dank aan dr. Breedts en sy Personeel vir al hulle liefde, ondersteuning en geduld oor die jare!

My dogter het my hierdie kant help uitpak. Die mense is vriendelik en ek sien elke dag my skoonseun, dogter of 'n kleinkind.

Groete en baie liefde!



DIE ELOFFS VIER DIE GROOT 9!

**MA NINE het 90 geword
op 5 Februarie 2024!**



**Sy het Kokanje
toe getrek in 2002
en woon nog baie
lekker in
Koraalboomstraat.**

Die totaal van haar afstammeling is uitgerek:

7 kinders (2 oorlede) en hulle aangetroudes,
21 kleinkinders (2 oorlede) met 14 aangetroude kleinkinders,
en 30 agterkleinkinders, wat almal nog te jonk is om te trou.

Die nuutste "Texan" is op 12 Februarie 2024 gebore en ons volgende familiebabababa kom in Maart. Altesaam 80 mense wat op haar volg.

As haar buurvrou (Tannie Lina Swart) nie kan slaap nie, tel en besin sy oor hierdie spulletjie tot sy aan die slaap raak van pure uitputting!

Die meeste van die nageslaglede woon verspreid oor die land vanaf Port Shepstone en Rosetta in Natal tot Bloemfontein in die Vrystaat, en in Pretoria en Johannesburg in Gauteng. Verder oor die groot water is van hulle te vinde in Brisbane en Melbourne in Australië, Tidworth (net 'n klipgooi van Stonehenge af) en Littleport (naby Cambridge) in Engeland en tot in Florence (naby Austin) in Texas, VSA.

Die familie (dié wat in SA was) het Weesgerus toe gekom vir 'n baie vrolike naweek en het heerlik saamgekuier. Die groot ete was Saterdagmiddag in die Damlapa – 'n wonderlike maaltyd van beeshaas en groente, met roomys vir

nagereg. Die dansvloer is oorheers deur die agterkleinkinders, want die grootmense het land en sand gesit en gesels. Dit was vir ons almal 'n groot voorreg om ons Ma, Ouma en Oumagrootjie by ons te hê in goeie (relatief! sy is darem al 90) gesondheid.

Op Maandag die 5de het ons almal so lekker geëet in Kokanje se eetsaal (baie dankie Marlene Cloete vir die pragtig gedekte tafels) en ons het heerlike koek en tee geniet by die huis. So 'n groot mylpaal moet tog oor 'n paar dae gevier word!

Gerlof en Sandra Eloff

Ons woon al 7 maande in Kokanje. Ons het vanuit Engeland getrek nadat ons 21 jaar lank daar gewoon het. Kokanje se eerste Britse burgers! Soos Gerlof sê: "Ons het die vyand suksesvol geïnfiltreer". As onderwysers het ons 'n interessante lewe geleë; die ergste was om eers na 16:00 by die huis aan te kom, dan kos te begin maak, en elke aand boeke na te sien. Onderwysers los nie hulle werk by die werk nie! Dit was baie lekker om maklik Europa toe te gaan vir toer, maar die bos in Suid-Afrika het ons die meeste getrek en ons het dus die lang Europese somervakansies in Suid-Afrika kom deurbring.

Ons het baie by Ma Nine gekuier en gereeld vroeg gaan stap reg rondom Kokanje, al met die heining langs. Ons het gesien hoe die bouers by 115D 'n groot stoep bou en gesê dat dié mense 'n baie lekker stoep gaan kry. Nou sit ons elke dag daar en bewonder die voëls en bakkies, en die tuin wat nog moet groei.

Ons hou baie van lees, stap en tuinmaak en ook om by HoeSo?! te leer. En, natuurlik, om by ons wonderlike Ma te kuier.

Julle sal ons sommer uitken – ons stap middagete toe, elk met 'n sonhoed op die kop...



ONS TAAL... ONS MENSE!

Iemand het heerlijk met Afrikaanse idiome en uitdrukkinge (gesegdes) gespeel in ons wonderlike Afrikaanse taal. (Ken die jong- en oumense nog almal?)

"Voor jy dalk hond se gedagtes kry dat ek muisneste het en katterkwaad aanvang deur 'n kat in die donker te knyp, kan ek die aap uit die mou laat dat jy nie hond haaraf gaan maak nie. Die kool is eenvoudig nie die sous werd nie, jy wil verniet die bobbejaan agter die bult gaan haal, ek is nie 'n vroetelvarkie nie.

Omdat ek twee linkervoete en rooi hakskene het, dans ek soos 'n kat op 'n warm plaat. Terwyl ek oor die onderdeur loer, stem my aand- en môrepraatjies nie ooreen nie en sing ek 'n ander deuntjie. Ek sing dan soos 'n kanarie. Ek weet dat die voëltjie wat saans die laaste fluit, soggens eerste deur die kat gevang word, daarom gaan ek saam met die hoenders slaap en lank voor hanekraai klim ek met die verkeerde voet uit die bed om my eiertjie te lê.

Dit het die naweek katte en honde gereën, maar ons hou darem nog kop bo water. Dit staan egter soos 'n paal bo water dat dit nie nodig is om water met 'n mandjie aan te dra nie. Voor die son water getrek het en die perde horings gekry het, moet ek nie 'n gegewe perd in die bek kyk nie, ek moet die ou koeie uit die sloot grawe, die bul by die horings pak sodat die agteros in die kraal kan kom. Ek moet ook al my varkies op hok sit en daar by oom Daantjie se kalwerhok die kalf uit die put gaan haal.

As jy wors in die hondehok soek, onthou dat blaffende honde nie byt nie. Ek wou nog katte skiet, maar toe is die koeël deur die kerk en ek kry wingerdgriep. Dit was 'n bitter pil om te sluk. Ek was hoog in die takke, want ek het gehoor dat die hoogste bome die meeste wind vang. As die appel nie ver van die boom val nie, kan 'n mens die boom aan sy vrugte ken.

Ek kon nie die kar voor die perde span nie en het toe maar twee rye spore geloop.

In die dorp het hulle gesê ek speel op AVBOB se stoep en dat ek een van die dae 'n houtpak gaan aantrek. Ek het gesê dat ek met 'n goue lepel in die mond gebore is en dat ek nog nie die lepel in die dak gaan steek en boedel oorgee nie. Ek moet rondborstig erken dat die spyker in my doodskis is, dat bloed kruip waar dit nie kan loop nie.

As jy brood in die sweet van jou aangesig eet, moet jy nie met 'n mond vol tande staan nie, jy moet hare op jou tande hê, jy moet jou hand aan die ploeg slaan en die strydbyl begrawe. Weet jy hoe die vurk in die hef steek? As jy wolf skaapwagter maak, moet jy almal oor die selfde kam skeer."

Ingestuur deur
Annette van Dyk.



GELOFTEDAG

Wat 'n voorreg was dit om op 15 Desember, ter voorbereiding vir Geloftedag, saam met pragtige Afrikaners aan boersport te kon deelneem!

Dit was vet pret, al was ons baie min oumense tussen baie jongmense en kinders.

Ek en Soekie van Tonder het nie op ons laat wag nie en vir die jongmense gewys dat jou gees jonk kan bly solank as wat jy dit toelaat.

Die vlaghysseremonie waaraan ek en Soekie deelgeneem het, was 'n hoogtepunt en het

die Boerebloed sterk deur ons are laat vloei.

**Hierdie jaar
maak ons weer so!**

Drienie Smit



The best feeling of happiness is when you're happy because you've made someone else happy.



HERVESTIG HULLE LIEWERS...

In plaas daarvan dat Heuningbye met Doom verjaag of uitgewis word, kan

Bertus van Aardt geskakel word om die swerm te kom haal en te hervestig.
(083 512-1969).

Die kontakbesonderhede is voorsien deur Joan Schoeman en Rènnette Hill. Baie dankie! Almal is bewus van die feit dat sekere mense hiperallergies is vir Heuningbysteeke en onmiddellik behandeling daarvoor moet ontvang. Maar, het u geweet dat Perdebye se gif nie dieselfde effek het nie aangesien dit heel anders is?

**ONTHOU: GEEN BYE,
GEEN VOEDSEL VIR MENS
EN DIER!**



If you see something like this don't be scared, they are only traveling bees, they are passing by and will only rest for 24 hours. If you want to help them place plates with a light layer of sugar water. Protect the swarming travelers, are our insurance to survival



🌸 OULIKE LUISTER- OF LEESGOED OP DIE INTERNET

1. **"Don't let the Old Man in..."** – Google en luister wat Clint Eastwood te sê het omtrent die ouderdom en hoe hy dit hanteer.
2. **"One pair of hands"** – Elvis Presley. Lied vir Paastyd.
3. **"In the misty moonlight"** – Jim Reeves. Hy is tevrede en gelukkig waarookal hy hom bevind, solank sy gade ook daar is!
4. **"One moment in time"** – Dana Winner.
5. **"The older I get"** – Keltic Country – Clanna.
6. Maroela Media – "ToekomsVenster: God ken my Siel".
7. Growing Bolder: feedback@growingbolder.com – scary awesome, chin up, empathy empowers, press on and blank canvas. (Hierdie is stukkies leeswerk wat **Leon de Jager** aanbeveel.)

Senior Moments 🤔🤔



EIEWAAN?!

Met erkenning aan Annelie Botes. (Haar artikel het 16 jaar terug in die Volksblad verskyn en dit is selfs vandag nog van toepassing op ons lewens.)

Hoekom is die wêreld so verflenterd en bedroewend? Hoekom bou ons onverpoosd en kom nêrens?

Hoekom spring desperate mense van Van Stadensbrug af? Hoekom slaan 'n kerkmens 'n kind met 'n kerie dood?

Hoekom verwurg 'n woonstelhuurder (na bewering) 'n man in sy fleur en steek die lyk onder die bed weg?

Hoekom laat 'n ouma, wat veronderstel is om wysheid te hê, toe dat haar snotkopkleinseun 'n deurwinterde opsigter dreig met 'n klap?

Hoekom word ons op die daad woedend vir ander se splinteroortredings, maar bereken nie ons eie balk-oortredings nie?

Duisende hoekoms!

Op elkeen is die antwoord:

Omdat ons torings bou uit mensgemaakte stene; dit heg met minderwaardige asfalt. Ons het vergeet van 'n tyd toe die wêreld een taal gepraat het, die taal van die **hoër self. God se taal!** Ons weet nie eens meer of daar ooit so 'n tyd was nie. Die Engelse Bybel sê die mense "found a plain in the land of Shinar; and they dwelt there". "Dwelt"? Ons dwaal ook op 'n vlakte vol niksheid, met net 'n deinsiger horison. In Kuruman, Kaapstad en Kareedouw, knielend voor baie gode – vir wie ons brandoffers uit ons laer self bring.

Offers van geld en glorie. Met die neerlê van elke brandoffer uit die skroeivuur van ons laer

self, raak ons Babelse verwarring groter, en hoe meer verbeter veg ons om met suiwer wilskrag te oorleef en te oorwin. Om vir onself 'n naam te maak. Ons dink nie daaraan dat die naam waarmee ons ons lewens so gedetermineerd wil doop, dalk 'n weggooinaam is nie, erflating van die vlakte van Sinar.

Jare terug kom ons eendag van Bedford af Baai toe vir grootkoop, en 'n klein ietsie gebeur wat 'n klaphou op my weerligskietende lippe was.

So is die beginplek van die dag die Oasim-mediëse sentrum. In Sentraal verdwaal ons, die kwaadsweet slaan op my uit. Ek veg met die ou gryse omdat ons laat is; omdat hy gesê het hy weet presies waar dit is. Intussen vleg ons van straat na straat, terwyl my laer self koning speel. My twee tjinertjies sit opgebondel op die agtersitplek en beluister die kragknalle van die vuurspuwendes berg uit hul ma se mond.

Toe ons nog 'n dwarsstraat probeer, staan daar 'n ou-ou kerk voor ons; 'n groot bord voor die kerk wat sê: **"Be still and know that I am God!"**

Opeens het my laer self soos 'n skelm brandsiekhond uit my lyf geseil. Ek het my vir myself geskaam! Ons het Oasim maklik gekry, betyds, en tot vandag vloek-woed ek nooit as ek letterlik verdwaal nie. Maar so dikwels as my siel verdwaal op die vlakte van Sinar, verander ek in 'n lelike mens wat drink uit die brakwaters van die laer self. En as my maag vol bitter water lê, begin ek die stene pak vir my asfalttoring, hardgebak in die oond van woede, frustrasie, geldsug, kortgebakerdheid, ekkigheid en dislojaliteit.

Hoe meer stene ek bak om my godsverdoemde toring te bou, hoe meer wil ek bak. My laer self is baas op die vlakte van Sinar. In my eiwaan vind ek dit oorbodig om by 'n berg uit te kom om te bid en die kleitablette van die lewe te lees.

Want kyk net na al my seges en suksesse! Onthou; ek is 'n dapper muis, kyk hoe stap ek deur die huis, en daar is niks waarvoor ek skrik nie!

Op 'n onvermydelike dag bevind ek my, figuurlik gesproke, of dalk letterlik, by die relings van Van Stadensbrug, toegedraai in die grou wintermantel van my laer self. Die afgrond trek my. Ek is nie meer 'n dapper muis nie want ek, nes baie ander aardlinge, was so besig om vir myself 'n naam te maak, dat ek vergeet het om uit my hoër Godkant te leef.

En van die Bergpredikasie in die Bybel wat maan: Waar jou skat is, daar sal jou hart wees!

Dit is hoekom die wêreld so vertoing en gebroke is. Oorstrom van hoflyste wat skynbaar nooit gelykgewerk gaan word nie. Tronke wat uit hulle nate bars. Inrigtings waar swaar verdoofdes soos spoke ronddwaal.

Soms is dit nodig om in Sentraal te verdwaal, sodat 'n mens weer in jou verwarring en soeke op die ou-ou kerk kan afkom om die Rigtingbord met die waarste van alle waarhede te lees:

"Be still and know that I am God!"

Ingestuur deur
Leon Esterhuyse.



BE KIND AND RESPECTFUL...

IF

If you know what
you are able to accomplish
Yet realize the things
you cannot do

If you can find a goal
that you believe in
And understand what God
expects of you

If you can always
use your talents wisely
Remaining calm
when everything goes wrong

And seek your goal
with persevering courage
Relying on your faith
to make you strong...

If you can see
the beauty that surrounds
you
And wonder at the wisdom
of God's love

If you can be a child
for just a moment
While gazing at the stars
that shine above

If you can be aware
of human weakness
Yet criticize
the thoughtlessness you've
shown

And when your heart is
breaking
 Keep believing
That other hearts are
sadder than your own

If you can disregard
the faults of others
And love them for the good
that they have done

If you can overlook your
needs and troubles
And always try to help
the other one

If you can light
the way by your example
And offer
understanding sympathy

**Then you will have the joy
that comes from knowing
You're the person God
intended you to be!**

Carolyn A Herrmann.

KOLLIG SE UNIEKE SPEL- EN BLADUITLEGREËLS

(Met apologie aan ons
Taalversorgers en Kokanje-
Taalkundiges.)

KOLLIG is Kokanje se eie Inter-
ne Tydskrif en daarom fokus die
Redaksie spesiaal op ons be-
jaardes se behoeftes:

1. 11- en 12-punt grootte font is
makliker vir ouer oë om te lees.
10-punt word gewoonlik gebruik
vir byskrifte by foto's of om die
bron van inligting te verskaf.
Wanneer die uitlegspasie beperk
is, word die spasie tussen lyne
effens kleiner gemaak.
2. 2 of 3 kolomme per bladsy is
die norm. 'n Enkele kolom dwars-
oor 'n bladsy bemoeilik die lees
van artikels geweldig.
3. Uit respek aan ons Inwoners
en Personeellede word hierdie
woorde met hoofletters geskryf.
4. Wanneer sekere belangrike
inligting onder die aandag van
die lesers gebring moet word,
word dit met hoofletters geskryf
en omdat dit dan prominent is,
behoort hulle daarvan kennis te
neem en dit makliker te onthou.
5. Verder poog ons, met die hulp
van ons Taalversorgers en Proef-
lesers, om Afrikaans en Engels so
suiwer as moontlik te hou, sodat
ons trots kan wees op ons eie
Interne Tydskrif.
6. Die skryftrant van artikelskry-
wers word gerespekteer en sover
moontlik behou.
7. Ons poog om bogenoemde
reëls deurgaans en konstant te
gebruik.

Indien u reeds hierdie verskyn-
sels in **KOLLIG** opgemerk het,
beteken dit dat ons
in ons doel geslaag het!

Rita Noeth

HOW TO TREASURE AN OLD PERSON

An extract from the book
A Creative Companion, written by
a child with the name SARK.

Seek out old people
When you find some,
give them joy.
Listen closely.
Develop your patience.
Tune up your sensitive
humour.
Crack your shell.
Remember that each old
person is a library.
Listen closely.
Go for a slow walk in a sunny
park.
Bring the gift of yourself.
Try enchantment.
Be voluntary.

Visit with magic.
Invent a new activity.
Try playing their game.
Let wisdom seep in.
Create your own future old
person.
Hug willingly.
Sew on a button.
Handwrite a letter.
Take a midnight cruise in a
convertible.
Try respect.
Bestow surprise gifts.
Handle with CARE.
Be gentle.

Make a nourishing soup.
Believe in really living.
Pray together.
Gamble on love.
Plant a tree in honour of your
friendship.
Plan something outrageous.
Embrace death.
Hold hands at twilight.
Bake hilarious cookies.
Listen closely.
Pay attention to an old person.
The treasures will be revealed.



Sent in by
Leonie McCallaghan.

DIE GEURWALMS VAN TYD

Wanneer laas het jy 'n oomblik stilgestaan
om die delikate rosegeur
in die sagte lug rondom jou te teug...
Wanneer laas het jy laatmiddag buite vertoef
om die aandskemering se lig te bewonder
waar dit saggies val
oor die ronding van die bult...
Wanneer laas het jy die blaartjies
van 'n laventelbos of bosveldkruid
tussen jou vingers gevryf
sodat hul geurwalms kan ontsnap
en rondwaal in die voue van die veld...
En wanneer laas het jy gekyk
hoe die oggendwind se kleur verander
as hy oor die kaal karoovlak dwaal...

Maak tyd...

wanneer 2024 in die sleepsel
van die oujaar inskuif
om langamerhand in nog onbekende
brokkies te ontsluit
omring deur die strale van die somerson
se warmskyn op jou lyf...
En later wanneer die bosveldblare
al hoe meer begin verkleur
en met 'n traagte in hul fladder
in die voorwinter se herfs neerdaal,

maak tyd!

Maak tyd om te aanskou
hoe kaal taaibostakkies
in die fynklap van die winterkou
hul droë prentjies ets teen die yl
van die lug se blou.

Maak ook tyd wanneer die eerste lentereëns
hul groen gewaad
oor vlak en rand uitsprei...
Ook wanneer die oë
van 'n geliefde daarom vra
en daardie oë die mooi in jou soek...

Maak tyd

vir die meedoënloos-voortsnellende
punte en kommas in jou lewensboek
sonder dat jy die gewaande liggaamsrimpels,
wat al hoe meer verskyn,
vir hulle oordade verwyty...

Mag die seën van die nuwe jaar se koms
vir jou en jou geliefdes voldadig wees
volgens jou behoeftes
en jou allerdiepste begeertes...

Braam Beneke
braamb23©



SELFBEELD

Ek kyk in die spieël na myself
wat het van my geword?
Ek is vinnig besig om te vergaan!
Oor die swaar, donker prognose
van die Kardioloog
voel ek geskok, onseker en hartseer.
Dan besluit ek met verloop van tyd,
daar in die hospitaal,
dat ek alles vir my Hemelse Vader moet gee.
Dat ek myself moet dissiplineer
om net weer my ou self te wees.

Dat ek elke oggend die Here sal dank
vir die mooi dag uit Sy hand vir my
om tot Sy eer te belewe.
Niemand weet wanneer dit jou sterfdag of
sterfuur sal wees nie,
daarom neem ek elke dag en maak dit
die positiefste en mooiste dag van my lewe.
Soos my Vader my lewe beplan,
so aanvaar ek dit met gerusstelling en kalmte.

Ek is weer tuis in "JAPARI",
my huisie van die narre,
in Kokanje,
waar ek deur genade nou al 33 jaar woon.
Ek is omring deur engele
in mensgedaantes wat na my omsien.

Hoe lank sal dit nog so vreedsaam
en rustig wees vir my?
Net Hy weet.

Julia Nel

Ons Dierbare Vriendin, Julia,
se aardse digterspen is nou stil...
Ons sal haar unieke en gepaste gedigte
baie mis in die toekoms! **Red.**

Wyle Julia Nel op
haar 90ste
verjaarsdag.





**VRYWILLIGERS VAN
DIE DEMENSIE-
STIMULASIEGROEP SE
KERSSANGSESSIE**



PRAGTIGE KERSOPVOERING



Die Organiseerders
en
Deelnemers
word hartlik bedank vir die
uitmuntende vertoning!





Mediese Verspreiders
Medical Distributors

SUPPLIER OF QUALITY MEDICAL GOODS
FOR YOUR EVERY NEED

WHEELCHAIRS
ADULT DIAPERS
ROLLATORS
MEDICAL DEVICES
OXYGEN PRODUCTS

012 335 8104

581 Frederika Str,
Gezina, Pretoria www.edna.co.za



GASTEHUIS

1 Golf straat, Modimolle.

By "Garden Inn"-Gastehuis vind u by uitstek 'n skoon, rustige, veilige, omgewing met gerieflike slaapkamers as selfsorgeenheid.

Volledigtoegeruste verblyf:

Sit/eetkamer met oopplankombuis, leeshoekie – slaap 8 mense,

(kan ook voorsien in baba behoeftes).

Elke kamer het eie badkamer, TV, gebruik privaatbraaigeriewe in ons pragtige tuin.

Gratis Wi-Fi, DSTV en laai van selfone/skootrekenaars.

Kamers het dakwaaiers (lugversorgers in kamer 3 en 4).

Veilige parking, agter veiligheidshek.

Ons bied elke gas persoonlike aandag!

Dit is ons prioriteit om u verblyf so aangenaam moontlik te maak!

Elise of Christelle: 072 464-9803.



PRAGTIGE GORDYNE EN BLINDERS

Kundigheid van meer as 30 jaar.
Nuuiste tendense in binnenshuisversiering.

Wye verskeidenheid materiaalmonsterboeke van bekende materiaalhuise.

Ons besoek u tuis en poog om aan u unieke behoeftes te voldoen.

Ons maak self u gordyne/blinders, installeer self, en verseker so tevredenheid.

Ons lewer 'n kwaliteiteindproduk, teen billike pryse.

Ons het agentskap van Luxaflex- en Blind Designs: (Internasionale verskaffers, aflewering 10 – 14 dae.) en kan in al u blinderbehoefte voorsien: Vertikaal, horisontaal, rol en buitemuurs.

Christelle: 084 421-3734 en Elise: 072 464-9803.

NOG 'N PAAR GENOTVOLLE BYEENKOMSTE...



Die 2 Predikante – Barry van Rensburg en Dawie Rotteveel – begeleiding, sang en voorlesing van verhaaltjies.

KULTUUR



Blokkunsie – Koraalboomstraat.



KUNSKLUB se Kersete.

KUNSKLUB
Die pragtigste
voltooide
Mosaikwerk!



Foto's:
Hannelie Esterhuyse
en ontwerp:
Rita Ntshini

Hannelie Esterhuyse se mosaïkklas het die pragtigste kunswerke opgelewer.



Die **NAALDWERKKLUB** se Kersmark was 'n reuse sukses!

Baie dankie aan al ons ondersteuners.



Valentynsdag:
KE-Inwoners en -Personeel is heerlik bederf deur die Naaldwerkklub.

LAWWE LOLLERY MET BONESLAAI

Tiaan Crafford

Boneslaai of nie boneslaai nie? Dit is die vraag! Hierdie hele kwessie oor keuses – nie net wat op jou bord beland nie – kom van baie ver af.

Selfs Shakespeare se Hamlet (1300 – 1400) het met sy “To be or not to be: That is the question!” met keuses tussen lewe en dood, te wees of nie te wees nie en om te verduur al dan nie, geworstel.

Dit het my onlangs te beurt geval om by ons Eetsaal op ’n Vrydag boneslaai in te skep. Groot was my verbasing – en lekker die binnepret – dat die belewenisse rondom boneslaai na 70 jaar nie vergete geraak het nie. In die Stoute Rympie: Oupa en Ouma sit op die stoep was dit die Oupa of die Ouma? wat die harde “Roep” gegee het? In meer ordentlike geselskap word die gebeure sowaar steeds herroep. Ons lag lekker hieroor, maar tans is dit ten koste van onself. Ons is nou die bedeesde en vrome Oupas en Oumas wat op die stoep sit en dit suutjies doen of

te doof geword het om die donderweer se gerommel te hoor.

Selfs die “Winde van verandering”-toespraak van die Eerste Minister van Engeland, Harold Macmillan, in 1960, (nogal in onse Parlement in Kaapstad), het met verloop van tyd skynbaar ook geen wysiging aan die kontra-indikasies van bone meegebring nie.

Ek het my verkneukel aan die gedrag en koddige sêgoed van ons eie liewe Inwoners. Sommige noem die boneslaai “Drie-Dae-Dik” (baie vullend en versadigend). ’n Waardige dame vra om liefs oorgeslaan te word, want dit maak opsluit “Boeremusiek”.

Daar was egter diegene wat vir nog ’n skeppie gevra het, want sien “die naweek is baie lank”. ’n Ander man verklaar sy liefde vir boneslaai, maar weier volstrek ’n skeppie omdat uie deel uitmaak daarvan. ’n Bejaarde vrou het beleefd versoek om dit verby te gaan omdat dit “’n gepraterij agter jou rug” veroorsaak.

Namens die meerderheid verbruikers wil ons egter versoek:

“Riaan, gaan asseblief rustig voort met die maak en voorsit van jou heerlike boneslaai – sommer met die koolslaai ook!” Ons ouer garde geniet die heerlike disse en ons moet mos op eie stoom by ons bestemmings aankom...

Ten slotte: Ek beveel ten sterkste aan dat ’n ieder en ’n elk in Kokanje so nou en dan ’n opskeppunt in die Eetsaal sal beman – vir gratis humor en opwinding. Dit gaan jou lewe beslis opkikker en “verruik”.

Wetenswaardighede oor Bone:

Oudste peulgewas – al vir meer as 8000 jaar in gebruik. Daar is ongeveer 200 verskillende soorte bone. Bevat anti-oksidente – hoe donkerder van kleur, hoe meer daarvan. Bevat die hele stel B-vitamines, vitamine C en E, yster, kalsium, kalium, magnesium, swael, jodium, chroom, fosfor en ander minerale wat nodig is vir ons.

WAAR KOM MY HULP VANDAAN?

Maureen Neethling

🌸 Google and Listen to this beautiful song: “TAKE MY LIFE AND LET IT BE” (Hymn) by Frances Ridley Havergal.

*** “Take my Hands, and let them move at the impulse of Thy love...”**

My kop draai na ’n kunsklas waar Prof. Nilant ons luidrugtig gemaan het om ons “Model op te som” –

“Nee, nie die Oë nie!
Die Hande weerspree die Mens!”

En in die KE het ek HANDE uitgesonder!

Vroegoggend maak die stomende koppie koffie my wakker en ek sien net die Hand wat dit neersit.

Deur die dag is geduldige Hande besig om my bed op te maak, ’n bordjie met heerlike pap neer te sit of ’n pyn te laat wyk. Vasvathande hou my styf vas in die stort sodat ek nie dalk val nie en saans trek ander Hande my met die beddegoed toe tot onder my neus.

’n Vriend gebruik sy 2 Hande om ’n hartjie mee te vorm wanneer hy vir my kom kuier en ’n getroue vriendin gebruik haar Hande om die Heilige Nagmaal mee te bedien – sommer in my kamer! Dit is sy wat die strofe langsaan vir my uitgelig het.*

Al bogenoemde Hande praat van besorgdheid en omgee.

Om elkeen te beloon is my wens, maar geld kan nie genoeg “Dankie” sê nie! Die antwoord wat ek kry, maak my stil:

“Ja, maar die woord ‘Dankie’ bou “steps” tot in die Hemel!”



NOG IETS NUUTS IN KOKANJE! WAT IS ALVABIB?

Alvabib is die naam van die pasgestigte Groepie/Biblioteek in Kokanje – spesiaal vir **Swak-siende Inwoners!**

Storieboeke op CD word voorsien om tuis na te luister.

Rina Booyens het die inisiatief aan die dag gelê en **Linda Sprenger** het die CDs verskaf om dit op die been te bring.



Hier is Rina saam met 'n klompie van die heel eerste lede – hulle is so opgewonde oor die Luisterboeke wat hulle nou op 'n gereelde basis kan leen en luister!



KERSFEES 2023 SE KLANK-EN-BEELD-KINDERPROGRAM

Die Kinderprogram se speletjies herinner sterk aan die "Survivor"-reeks op TV en word Kokanje-Avontuur genoem.

Die besoekende kleinkinders het weereens, onder toesig van hulle Ouers en Grootouers, hulle gate uit geniet en uitbundig deelgeneem aan die Speletjies en Kunsvlytprojekkie. Hulle leer ook altyd meer oor die Reëls en Regulasies wat van toepassing is in Kokanje en hoe die Oord se Inwoners plante, diere en voëls met re-

spek behandel moet word. Die kinders is selfs as Veld-



wagters aangestel, met die opdrag om enige onreëlmatigheid aan die volwassenes te rapporteer.

Die aanbieders, Pieter Knoetze, Rita Noeth, Christie de Jager, Hetta Uys en haar seun (Francois) en Sue Wright bedank almal wat deelgeneem het baie hartlik.

Julie en Kersfees hierdie jaar maak ons weer so!

SIEN KLEURCOLLAGE OP BLADSY 23.

PRAGTIGSTE SIERTUIN



Joan Schoeman het trots vertel van die pragtige Vetplanttuin by Kameeldoringstraat wat deur Johan en Gerda Els beplan, beplant en onderhou word, met die hulp van hulle tuinman.

Johan en Gerda, baie dankie vir die pragtige, kleurvolle en droogtebestande tuin langs die pad!



UIT DIE BIBLIOTEEK BOEKBESPREKING – JANUARIE 2024

WINTERSRUST – JOYCE KOTZE

Dis 'n verhaal vol avontuur en hartstog, wat handel oor die enkeling se worsteling met magte buite sy beheer. Deur wanhoop oorweldig, oorleef sommige dit nie. Ander weer, moet by 'n plek van vrede en vergifnis uitkom. Die verhaal speel af teen die agtergrond van die Boereoorlog en handel oor 'n familie van Britse en een van Boere-afkoms. Die Transvaalse politiek en Britse Imperialisme sleur hulle mee in die Anglo-Boereoorlog van 1899 – 1902. Hegte bande word op die slagvelde beproef en wanneer die formele fase van die oorlog oorgaan in die verskroeiende-aardebeleid en gorillastryd, moet riskante keuses gemaak word.

DUIWELSROOS – LEON VAN NIEROP

Die privaatspeurder, Beer Henning, beland op die spogroosplaas, Roosbaron, in die Laeveld. Daar ontdek hy pikswart rose wat 'n dodelike geheim versteek, naamlik Die Duiwelsroos. Dit kan die perfekte moordwapen word. Die eienares van die plaas se 17-jarige seun is onder verdagte omstandighede dood. Sy bevraagteken egter die ondersoek wat bevind het dat haar seun, Marnus, wat aan ligte outisme gely het, selfmoord gepleeg het. Daar is ook ander skrikwekkende teorieë. Beer se taak is om uit te vind wat werklik gebeur het.

MOORD OP KARIBIB – ISA KONRAD

Tydens Alet se onverwagte verblyf naby Karibib bevind sy haar, met haar aankoms, in 'n moordsaak. Die spoor van droefheid en verwerping wat die vermoorde agtergelaat het, loop ver.

Daar is die vrou wat haar toevlug tot drank neem as gevolg van haar man se ontrouheid. Dan is daar 'n kind wat deur sy pa ontken is en in haglike omstandighede grootgeword het. En dan is daar natuurlik ook inspekteur Con Dorfing!

Lees ook **VLEISFEES OP KARIBIB**, van dieselfde skryfster.



SAARTJIE SMIT

DINIE BOTHA VAN DIE KOKANJE-BIBLIOTEEK TREE UIT NA 26 JAAR!



Na jare se getroue en toegewyde diens in die Kokanje-Biblioteek het Dinie besluit dis nou tyd vir haar om uit te tree. Ons, hier by die Biblioteek, het met hartseer van haar besluit kennis geneem.

Dinie het 26 jaar gelede by die Biblioteek betrokke geraak saam met wyle Boet en Grappie Hough. Hulle het die Biblioteek bedryf uit die kantoor waar Rita Deck nou werk. Toe was dit groot in vergelyking met die kamertjie wat voorheen uit 'n privaat woonhuis beman is!

Sedertdien het die Biblioteek verskuif na die kantoor waar Sibbie Swart nou werk, tesame met 'n klein kamertjie oorkant die gang wat die grootdruk- en nie-fiksieboeke gehuisves het. Meer personeel het bygekom en met die bedanking van Boet en Grappie word Elsie Nel die Voorsitter. Dinie Botha, Vanda Jooste, Esther Weideman, Lulu van der Walt, Marie van Niekerk, Hannelie Ehlers, Wilma Verster en Saartjie Smit vorm die biblioteekpersoneel wat later jare byna verdubbel het.

Almal, behalwe Esther Weideman en Vanda Jooste, lewe nog. Van hulle is nog net Dinie en Saartjie komiteelede. Dinie het 'n tyd lank gedien as Voorsitter van die Biblioteek en die afgelope tyd as Ondervoorsitter. Dinie het die "trek" na ons huidige, ruimer lokaal meege maak en uiters waardevolle insette gelewer.

Dinie is by uitstek 'n kenner van die Engelse boeke in ons Biblioteek en menige leser kan getuig van haar waardevolle raad en aanbevelings. Haar jarelange ondervinding was vir die Biblioteek van onskatbare waarde, asook haar vriendelikheid en bereidwilligheid om altyd die ekstra myl te loop. Sy het ons lede so goed geken dat sy deurentyd die regte boeke kon aanbeveel wat in hulle smaak geval het.

Ons sal haar vriendelikheid, hulpvaardigheid en toegewyde werk, asook die ure wat sy in die Biblioteek gearbei het, baie mis.

Dinie, ons mooiste wense vergesel jou!

BRUGKLUB SE BRAAI EN BEDRYWIGHED

Op 3 Februarie 2024 het ons ons jaarlikse braai gehad.

Wat 'n fees!

Ons het daarmee saam 'n Brugkompetisie gehou.

Wenner nommer 1:

Willie Croeser.

Wenner nommer 2:

Willie Kroeze.

Wenner nommer 3:

Elsie Nel.

Die borge van die pryse word hartlik bedank!

Inwoners word genooi om te kom saamspeel en lid te word van ons aangename klub.

Skakel my gerus:

Elsie

Nel

082

462-

0830.



ANOTHER NEW PROJECT IN KOKANJE – **PETS AS THERAPY (PAT)**

Denise Prinsloo
Coordinator: Modimolle

Growing up with pets, especially dogs, laid the foundation for my love and passion for dogs.

In 2020, we relocated to the Kokanje Retirement Village in Modimolle, Limpopo, where I became involved with a group of volunteers (ladies), who devote an hour a week to visiting the Residents in our frail care section (KE), where there are 29 frail persons and 16 Residents that are suffering from Dementia/Alzheimer's.

I got an idea, after seeing numerous posts on Facebook, to try and find an organization that uses therapy dogs to visit the elderly and spend some quality time with them. This led to a yearning and a dream to introduce this kind of therapy in Kokanje. Because we have small game and birds roaming the Kokanje property, Residents are not allowed to keep dogs. This has unfortunately created a void in the lives of some of the Residents.

It has been a challenge, at times it even seemed as if I was barking up the wrong tree (if I may use the intentional pun), but I do not give up easily. Among the various organizations that I could find on the Internet, Pets As Therapy caught my eye, and I made contact with Karen Steenkamp in Polokwane. We were able to host a PAT awareness day at a Christmas market at Kokanje on 2 December 2023. We took the dogs into the KE and the response from Residents was positive. This was the verification that I needed to proceed with this initiative and get permission from our Management Committee. Permission has been granted, on a trial basis, for a period of 6 months as soon as the first dog sets foot in Kokanje.

Together with Veterinary practices in the area, by word of mouth and an article in the Pos News-

paper, we launched an aggressive advertising campaign. We were fortunate enough to find 8 people who indicated their willingness to become involved in this worthy cause. The first assessment session, with 4 of the dogs and their handlers, took place on 2 March 2024. Only 1 of the 4 dogs was suitable. **Tiger** and his handler, **Frans Botha**, will soon be starting with their frail care visits. (Frans' mother Jinnie is also a Frail Care Resident.)


It is such a privilege to be associated with PAT and I will be contacting other Retirement Villages and our local orphanage to arrange for visits with them as well. I am excited that we have come this far and with the help of Karen and Linda from Polokwane and Roenel, we aim to make a success of this worthy venture.

Sister Patricia Snyders accepted the PAT certificate on behalf of the Kokanje Frail Care Facility.
Frans Botha, Tiger and Denise.



GEEN EINDE AAN DIRKIE SE WOELIGE GEWOEKER NIE!

Dirkie Visser van 15C is een van daardie deugsame vroue van wie met groot lof in die Bybel vertel word...



Haar hande staan vir niks verkeer nie en sy het haar hele getroude lewe lank vir haar gesin en ook ander mense klere gemaak.

Op 84 is sy nog steeds besig om vir agterkleinkinders die pragtigste kleertjies te brei. Die nuutste aankomeling, genaamd Floris Visser (soos sy oorlede oupagrootjie) is nou 'n jaar oud en beide hy en sy boetie, wat nog aan die kom is, het snoesige kleertjies gekry wat hulle flukse Grootjie met soveel liefde op haar breimasjien vir hulle gemaak het.



In
Kokanje
blom
die
flukse
en
talent-
volle
mense
net
voort!

DIE OORSPRONG VAN DIE "BORSLAPPE VIR VOLWASSENES" IN DIE KE

Anne Coetzee, wat nou onlangs self in die KE ingetrek het, vertel soos volg:

Lank, lank gelede het ek en 2 ander dames (wat al oorlede is) die Kokanje-Naaldwerkklub gestig. Op 'n dag het ons 'n behoefte in die KE geïdentifiseer – suster Liz Halewijn het ons vertel van die Inwoners in die KE wat hulle klere nie so mooi skoon kon hou wanneer hulle hulle etes geniet nie.

Saam met Hester Bester is daar koppe bymekaargesit, sketse gemaak en 'n unieke borslap vir volwassenes is ontwerp. Dit moes lank en breed genoeg wees om klere te beskerm en moes agter by die nek vasmaak. Een van die dames het die omboorsel self gemaak met 'n spesiale toestel – daar was nie genoeg omboorsel in die dorp te koop nie.

Daar is besluit op vlootblou handdoekstof en 'n rol is by Ravat se winkel aangekoop. Nee, is toe besluit, liewers wit handdoekstof, want die vlekke moes met Jik gebleik kon

word. Ravat was bereid om die materiaal om te ruil.

Die maak van die borslappe het 'n instelling geword en die Naaldwerkklubdames, onder leiding van wyle Kobie Otto en later Jenny van der Merwe (die Voorsitters) het daarmee voortgegaan.

Anne vertel lustig voort van die wonderlike kameraderie, die lekker gesels en al die jongste modes en tegnieke wat hulle mekaar aangeleer het: Kerspitwerkdekens en -linne, kralejuwele, skoene oortrek en selfs mandjies vleg. Een dame elk het 'n kursus gaan bywoon en dan teruggekeer en die kennis met die res van die klub gedeel.

Die pragtige handewerk is gekombineer met die gades se stokperdjies (meubels, speelgoed en karretjies is vervaardig). Daar is gereeld uitstalings gehou om 'n bietjie te spog.

Die huidige Naaldwerkklublede kuier nog net so lekker by mekaar en die Winter- en Kersmarkte wat elke jaar

plaasvind, is die uitstalplek van hulle handewerk. Met Jeugdag bak die dames gewoonlik pannekoek en op die Karnaval beman hulle die tafels wat gebakte en gebottelde ware en handwerkitems verkoop.

Behalwe vir die borslapmaak-sessies hou hulle hulleself besig met brei- en hekelwerk wat meestal aan liefdadigheidsorganisasies geskenk word.

Kom kyk gerus
Maandagmiddae
van 14:00 tot 15:00 in die
Sportsaal wat daar gedoen word en sluit gerus by ons aan!

Anne Coetzee en
Jenny van der Merwe.



DAMESKLUB – JOODSE PASGA-FEESMAAL

Die Damesklub se luisterryke en leersame Joodse Pasga op 22 Maart was werklik 'n unieke geleentheid in die geskiedenis van Kokanje.

Ongeveer 90 "Familiëlede" het ingestap, plegtig hande gewas en afgedroog en toe aangesit by die feestelik versierde ronde tafels.

Johann Symington, in die rol van die Joodse Vader van die Huis, maar ook die Leermeester, het die gewyde geleentheid gelei. Elkeen teenwoordig het deelgeneem en plegtig die verskeie verse en gebede in Engels en Hebreeus saamgepewel.

Die Pasga word gehou om die Jode se Uittog uit Egipte te herdenk en God te loof vir Sy hulp in Egipte en dat Hy hulle in die Woestyn behoed en bewaar het en gelei het tot by die Beloofde Land. Die Jode verwag nog steeds hulle Verlosser.

Aan die einde van die verrigtinge het almal teenwoordig die skakel verstaan tussen die Joodse Pasga- en die Christelike Paasfeesvierings en ons, as Christene, kon uit volle bors sing oor die verwagte Wederkoms van ons Verlosser, Jesus Christus:

"Ek sien 'n Nuwe Hemel kom..."



DIE OU JAAR (2023) EN DIE NUWE (2024)

2023 is verby... 'n Grondpad jaar!

Daar was dae wat ek die mooiste “view” gehad het, en dan was daar dae wat ek kaalvoet oor die klippies moes hardloop om net op 'n beter plek te kom as gister – soms op my knieë geval omdat ek net nie kans gesien het om verder te loop nie. Dan was daar dae waar ek rustig kon loop sonder omkyk of omdraai. Ek het soms die mooiste blommetjies in die veld gepluk; van hulle het ek op pad verloor, maar dis maar “okay”. Daar was dorings wat my vele kere gestee het so dat ek vir dae net nie meer kon loop nie, maar dis ook “okay”!

Dit was 'n lang pad!

Soms sonder water, soms sonder suurstof en soms met geskeurde skoene! Maar, dit was 'n goeie pad.

Iets geleer? Absoluut!

* Dat niemand die pad vir jou kan stap nie, maar wel net saam met jou.

* Dat niemand jou gelukkig kan maak as jy nie self gelukkig is nie.

* Dat niemand jou tas vir jou gaan sorteer nie.

* Dat min mense jou enduit gaan help.

* Dat beloftes soms leë woorde is.

* Dat opgee nooit 'n opsie is nie!

* Dat 'n mens soms net moet sit en rustig word en dankie sê!

* Dat 'n mens net die beste weergawe van jouself moet wees. En om nooit moed te verloor met iets wat jy regtig wil bereik nie.

Ja, daar was goed én sleg, maar ek sien uit na die nuwe pad wat voorlê.

Dankie aan elkeen wat dit saam met my enduit gemaak het! **Ek het by elkeen iets geleer.**

Wat nou voorlê weet ons nie, maar wat ek wel weet is dat –

* ek beter skoene sal moet kry;

* 'n groter rugsak; en

* meer water en soveel meer suurstof om my nuwe roete aan te pak!

Reis veilig, wees lief vir mekaar, help mekaar, droom saam, lag saam, en maak tyd vir mekaar!

Dankie vir jou stukkie hart wat ek saam op my reis deur 2023 gedra het.

Mag die Here ons lei op die onbekende pad van 2024, mag ons nooit vergeet van Sy Groot Genade nie en mag Hy altyd oor ons waak!

Outeur Onbekend.

Ingestuur deur
**Magriet van Zyl en
Elsa du Plessis.**



THAT'S LIFE...

It's easy enough
to be pleasant
when life goes by
like a song.

But, the person worthwhile
is the person with a SMILE
when everything goes
Dead Wrong...



HOME IS...

where
the
Wi-fi
connects
automatically!

**We Do Not Have
★ WiFi... ★
Talk To Each Other
Pretend It's 1995**

CHILDHOOD POEM

Little drops of water
Little grains of sand
make the mighty ocean
and the pleasant land.



HEERLIKE WARM GEREKTE – DIE WINTER IS OM DIE DRAAI!

BROODPOEDING

BESTANDDELE:

5	dikkerige snye Witbrood
1 lt	Melk
5	Eiers
250 ml	Suiker
25ml	Vlapoeier
5ml	Vanieljegeursel
'n paar klontjies	Botter
fyn	Kaneel.

METODE:

1. Sny broodkorsies af.
2. Plaas die snye in 'n mengbak, gooi die melk oor en laat staan totdat die brood lekker sagge-week is.
3. Maak die brood baie goed fyn en gooi dit terug by die melk waarin dit geweek het.
4. Voeg die eiers, suiker, vlapoeier en vanieljegeursel by en klits alles saam tot goed gemeng.
5. Gooi die mengsel in 'n gesmeerde oondvaste bak.
6. Strooi kaneel oor en stip met klontjies botter.
7. Bak 30 minute of tot gestol, by 180°.
8. Sit warm voor met vla of roomys, of sommer net so, en geniet.

DENISE KONING



Denise, Miemie en Andria.

Die dames word bedank vir hulle wenresepte.

LEKKERBEKBOBOTIE

BESTANDDELE:

2 eetl	Olie
3	gekapte Uie
2	Knoffelhuisies – fyngekap
1 kg	Maalvleis
1 eetl	Kerrie
1 tl	Borrie
1 tl	Koljander
½ tl	Komyn
1 tl	Gemmer
	Sout en Peper
2 eetl	Suurlemoensap
2 eetl	Konfynt
4 eetl	Blatjang
2 eetl	sagte Buinsuiker
2 eetl	Worcestersous
2 eetl	Tamatiepasta
1 kop	gerasperde Appel
½ kop	Rosyne (pitloos)
	Lourierblare
2 snye	Witbrood
1½ kop	Melk
3	Eiers.

METODE:

1. Braai uie en knoffel in olie.
2. Voeg maalvleis en geurmiddels by en braai verder.
3. Voeg res van die bestanddele (tot by Lourierblare) by en kook vir 'n paar minute.
4. Week brood in 'n bietjie water en voeg by vleismengsel.
5. Sprei mengsel egalig in gesmeerde Pyrex-bak.
6. Klits melk en eiers saam en gooi bo-oor.
7. Bak vir 45 minute by 180°C.

MIEMIE MAARTENS

JAN ELLIS-POEDING

BESTANDDELE – deeg:

1½ kop	Bruismeel
¼ tl	Sout
2 eetl	Appelkooskonfynt
½ kop	Suiker
2 desertl	Botter
1 tl	Koeksoda
2	Eiers
½ kop	Melk.

METODE – deeg:

1. Los koeksoda op in melk.
2. Room eiers, suiker en botter.
3. Voeg appelkooskonfynt by.
4. Voeg droë bestanddele by.
5. Voeg laaste melkmengsel by en meng goed.
6. Gooi in vuurvaste bak en bak in oond van 180°C vir 30 tot 40 minute.


SOUS – bestanddele:

1 kop	Kookwater
1 kop	Room (indien verkies)
1 kop	Botter
1 kop	Suiker
1 tl	Vanilla.

METODE – sous:

1. Gooi alles in kastrol en bring tot kookpunt.
2. Gooi die warm sous oor die poeding sodra dit uit die oond kom.
3. Bedien warm of koud.

ANDRIA DE LANGE



MARMELADE

BESTANDDELE:

1	Lemoen
1	Pomelo
3	Nartjies
1	Suurlemoen (net hy word geskil).

METODE:

1. Maal alle vrugte met vleismeul.
2. Voeg 6 koppies water by.
3. Kook vir 10 minute in drukkoker.
4. Voeg 8 koppies suiker by.
5. Roer goed en kook vir 45 minute.
6. Maak ongeveer 6 bottels konfynt.



JANE VISAGIE

'N KLIPPIE IN MY SKOEN

Van kleintyd af was klippe deel van my bestaan. Dit was trouens een van die hoofbestanddele van ons 'speelpark', wat bestaan het uit 'n werf, sonder grasperk; die gruispad voor die deur verby en die koppie aan die anderkant van die pad. Oral was daar kleigrond, sandgrond en klippe van enige aard, afhangende van wat die dag op die speelagenda van die buurt se kinders was.

Sou ons die dag besluit om paadjies te skraap en karretjies speel, is daar gesoek na 'n geskikte klip wat jou droommotor sou verteenwoordig. Ander kere is besluit op pophuis bou met kombuis, voorhuis en slaapkamers kompleet.

Die graslose werf het ander klipspeletjies moontlik gemaak. Hokke is met 'n stok getrek en die speelveld was gereed vir klipskop of pampoentjie: Uitstekende oefening vir eenbeentjestaan, want net in sekere hokke kon jy op albei voete land. Jou vernuf is ook getoets met skatting van die afstand na jou volgende blok en die gewig en vorm van jou klip: Gaan dit rol of skuif of tot stilstand kom presies waarheen jy gemik het. Omstanders was die lynregters wat die strepe dopgehou het vir moontlike oortredings.

Ag, dit was heeldyd speeldyd met klippe byderhand. Soms was dit tyd vir pret by die rivier.

Onder die ronde rivierklippe is gesoek na krappe en klein plat klippies is uitgesoek om te bepaal wie kan die klippie die verste oor die water laat bons. Natuurlik moes die gooier amper waterpas met die wateroppervlak staan en gooi of die klip beland sommer met 'n plons in die water reg voor jou. Deurentyd was die speletjies deurdrenk van sosiale betrokkenheid van klein tot groot en kompetisies is luidrugtig begroet met gesonde mededingende uitroepe van plesierige aanmoediging of afkeur.

'n Mooi of besonder unieke klip het nog altyd my aandag getrek en oral waar ek gaan, word 'n

klip as kleinood ingepak of tussen die bagasie ingesmokkel.



Dit het beteken dat ek met ons verhuising na Kokanje tussen my klipversameling moes uitkies wie bly en wie kan saamry. Ek het die uitverkorenes in 'n stewige houtkis verpak, sterk toue vir handvatsels aangebring en die manne wat die vragwa moes laai gewaarsku dat die inhoud swaarder kon wees as wat dit op die oog af lyk. Met die aflaaishag in Kokanje, het een van hulle my kom vra waar hulle die 'suitcase' met klippe moet neersit!

Soms kom 'n mens langs 'n wandelpad op 'n stapeltjie klippe af wat gepak is, dalk ter nagedagtenis van iemand wat weg is. Dis met groot respek wat ons dan verbystap, wetende dat hier iets besonders gebeur het.

Selfs Jakob van ouds het 'n besondere droom gehad terwyl hy met sy kop op 'n klip geslaap het, en die plek 'n naam gegee het.

Ons taal wemel ook van allerhande klipwoorde of uitdrukings, so lekker uit hierdie aarde!

In Standerd 5 het juffrou Lourens haar gunsteling Afrikaanse gedig oor die Steenbokkie vir ons geleer, met onder andere 'n reël-tjie wat so lekker van jou tong kon afrol.

'Die ronde en gladde klippies maak 'n klein klikgeluidjie wanneer hy teen die hang afdraf na die water in die spruitjie.'

Raaisels was ook aan die orde van die dag, soos *'raai-raai, wat is klein klippie vér gooi?'* (Jou oog is so klein, maar hy kan ver sien.)

In die veld kry jy die klipspringer en die klipdassie. Op die rotse groei droë korsswamme wat klipblomme of klipsweet genoem word. Sommige hiervan is ook gebruik as medisyne vir sekere kwale.

Vandag doen ons opgrawings waar vroeëre beskawings se klipwerktuie vir verskillende gebruike, nagevors word. Hulle moes kennis ingewin het oor die verskil in hardheid van klippe om hierdie vaardigheid baas te raak.

Eendag het 'n seuntjie in die pad agter sy ma aangeloop, toe ons foxterrier op hom afstorm. Sy ma se raad? 'Boetietjie, vat hom die klep!' Klein-klein leer ons dat klippe gebruik kan word om gevaar af te weer. Ontevrede Inwoners vertoon ook hul woede met die gooi van klippe, al is dit nie eens gemik na die oorsaak van hul woede nie.

Onlangs vertel my buurvrou van iemand wat die verwoestende brande by Mabalingwe meege-maak het. Hy sê hulle was so moedeloos as hul die vure sien, dat hul gevoel het om die vure met klippe te gooi.

Daar word ook van Klaas Klipgooier gepraat, 'n persoon wat daarvan hou om regte klippe te gooi, maar figuurlik gesproke is daar ook die neiging om klippe te gooi na iemand wat 'n fout gemaak het.

Selfs in die Bybel lees ons van mense wat gestenig is. Jesus self het by geleentheid gevra dat die een wat sonder sonde is, die eerste klip moes gooi!

Ons moet dus altyd stadig oor die klippe as dit by klipgooi kom!

Martha van Zyl



STATUS

FUNERALS | BEGRAFNISDIENSTE

Celebration of Life



*Your Trusted Funeral Partner
Here... Because we care...*



**066 384 4033 • 072 256 4519
014 717 1808**



46 Joe Slovo Street • Modimolle 0510

www.colfunerals.co.za

**90
in
2024**



Louise du Preez
2 Februarie



Nine Eloff
5 Februarie



Jeanette Gie
22 Februarie



Mike Hattingh
2 Maart



Hannes Coetzee
17 Maart



Elsa Lategan
27 April



Johan de Lange
6 Mei



George Linde
4 Junie



Vis Visagie
18 Junie

**Baie
geluk
met
hierdie
uit-
sonderlike
prestasie!**

POSTNET
Modimolle

014 717 3440

014 717 3441

modimolle@postnet.co.za



ENLARGE
YOUR FAVOURITE PHOTOS

**CAPTURE YOUR MEMORIES
ON CANVAS PRINTS**

**A5 to A0 Colour Canvas Printing & Framing
NOW DONE in store.**